



KLYN BEGIN—ANHOU WIN

DEEL I. No. 10.]

DECEMBER, 1896

[4s. PER JAAR.

INHOUD.

DI LIJDE NAAN DI HELD TE BOWE.—(Gedig)

DI KOSINGIN VAN SKEDY.—Deel II.

IV. Josef en Aannet

DI SWAWERELIJS.—(Gedig)

OOM JAN EN WILLY ...

DIE SEFORUS.

Hoe di Fo'als 'n Koning gekis het

DI ROOKEOPPEL.

Soel en Sam

DI VEYTERS FAMILIE.

'N SAAK BIEP TWE KANTJ.—(Gedig)

HOE WONDERLIJK ONS GEMAAK IS

Spysverterings Orgaan

'N RIE NA DI KERK.

DI KLAAGBIDDE VAN DI BIANCYBEL.—

(Gedig)

'N NAG OP DI SLEEFEL

'N NIEUWERKSE SONDIG.—(Gedig)

Tymonette: 2. Ruaisels. Steadkapel, om.

**M. Glassberg's**  
**PHOTOGRAFISCHE ATELIER**  
 10 de Paarl en Worcester  
 Markt Plein. Ruissel Street

WAARBORDEB ERSTE KLASSE PORTRETTEY TENEN ERRE BYLIEK  
 PRUFEN

GOED PORTRETTEY VERNIEUW EN VERGOOY TOT LEYERDORREY

SCHILDERIJLYSTEN

VAN ERNIG PORNAAT WONDEN OP KORTE KENNISREYDING ERMAAKT

SPECIALITEIT: VERGOOTE PORTRETTEY

ALLE WERK WORDT OEWAKERBOET EIGHANDIG TO RYK



# ❖ AFRIKAANSE TAAL-KONGRES ❖

EN

## GODSDIINSTIGE SAMEKOMSTE AN DI PAARL.

27 TOT 31 JANNEWARI, 1897.  
**WERKSAAMHEDE.**

WOENSDAG, 27 JAN.

FOORM.—Di Verhouding van Afrikaans, Hollans en Engels in Suid Afrika.

NAM.—Oms Afrikaans—Taalkunde, Woordeboek en Bybelvertaling.

AAND.—'n Oorspronklike Toneelstuk in Afrikaans: "Magret Prinslo, of Liefde trou tot in di Dood." ('n historiese drama nit di geskiedenis van di Foottrekkers, geskrywe deur Ds. S. J. Du Toit en opgetoer te worde deur di Kaapse Toneelgeselskap "Door Yver Bloeit de Kruis.")

DONDERDAG, 28 JAN.

FOORM.—Oms *Kluytj*, syn eerste en tweede jaar.

NAM.—Griewe en Klages o'er Onreg ons Taal aangedoen.

AAND.—Gesellige Onderhoud, Parfersings, Musik, ens.

VRYDAG, 29 JAN.

FOORM.—Di Verband tussen Taal, Nasionaliteit en Godsdiens.

NAM.—In hoefter gaan di Gerof. Begroesels in ons land foornit of agteruit, en jii hoefter hang dit same nit ons Nasionale Ontwikkeling en Ontwikling.

AAND.—Dispuusi tussen Ds. M. Postma en Ds. S. J. du Toit o'er di sing van Psalme en Gesange in di Gereformeerde, Kerke.

SATERDAG, 30 JAN.

FOORM.—Moet alle Gredoopte aangeneem worde en na di Nagmaal gaan?

NAM.—Waar staun ons nou fallens di Profesi en Tekene van di Tyd?

AAND.—Onderlinge Bysenkomst tot Bespreking van ferskillende Praegpunte.

SONDAG 31 JAN.

Diinste deur ferskillende Predikante.

## LET OP DI FOLLENDE PUNTE.

1. Di TRYKREYS.—Di wat kom moet fer ons dadelik kennis ge, dan stuur ons fer hulle Sertifikate, waarmee hulle trykaartjies kan kry fer di dubbele rys teen betaling van enkele rys.

Dog dit gold mar fer ons Koloniale spoorwege (Frystaati ges uit). Onsfrinde in Transaal wat hierfan wil gebruik maak moet dus oers hulle kaartjies neem tot by Paarlrit. Mar di spoorwege van di Transaal en Koloni ge goedkope kaartjies oek fer di Nuwejaar sakansi, wat egter moet uitgeneem worde in di Koloni en Frystant, foer 1 Jan. en in di Transaal foer 2 Jan., en gangbaar is tot 28. Februar. Di frinde wat dus foer di tyd al wil kom kuier kan sig daaraan oek bediin.

2. LOSIIS.—Sofeel melik word gesorg fer gratis losiis, feral fer arme. Mar as daar te feul kom, dan sal fer di ander gesorg worde fer losiis in Afrikaanse koshuise en private familiis teen 4s. en hoogstens 5s. per dag. Arme wat dus gratis losiis ferlang en oue en swakke mense wat graag naby wil loeou, moet dit ons spesiaal vermeld.

N.B. — Skrywe nit *Patriot*, Paarl, ten merk op di onslag venkant: *Taalkongres*.





KLYN BEGIN—ANHOU WIN.

DEEL 1.]

ONS KLYNTJI, DECEMBER 1896.

[No. 10.]

### Inhoud.

DI LIIFDE GAAN DI GELD TE BOWE.—(Gedig) ...	193
DI KONINGIN VAN SKEBA.—Deel II.	
IV. <i>Josef en Asevat</i> ... ..	194
DI SWAWELTJHS.—(Gedig) ... ..	199
OOM JAN EN WILLI ... ..	200
DIRE STORIIS.	
Hoe di Fo'els 'n Koning gekiis het ... ..	201
DI KLAAGIJDERE VAN DI TRANSVALER.—(Gedig)...	202
HOE WONDERLIK ONSGEMAAK IS.	
Spysverterings Organe ... ..	202
“GROTE SKUUR” VOOR DI BRAND ... ..	204
“GROTE SKUUR” NA DI BRAND ... ..	205
DI ROOSKNOPPI.	
Soet en Suur ... ..	206
DI VENTERS FAMILI. ... ..	211
'N RID NA DI KERK ... ..	212
DI PAARLSE DRUKKERY ... ..	213
'N NAG OP DI SLAGFELD ... ..	213
'N SAAK HET TWE KANTE.—(Gedig)...	215
TYDKORTING : Raaisels, Skaakspel, ens. ... ..	216

### Di liefde gaan di geld te bowe.

“Katrina!” sê di jonkman sag,  
 “Ek kom fer jou nou iits fertel;  
 Iits wat jy seker ni ferwag,  
 Mar moet jou daarom ni ontstel.  
 Jy weet ons is al lank ferloof,  
 En was steeds fer makkaar getrou,  
 Jy het my hart en hand behoof,  
 En altyd het jy woord gehou.  
 “Mar soos dit in ons wêreld gaan,  
 Jy is mar altyd in 'n stryd,  
 Daar 's niks wat op di duur bestaan,  
 Mar als ferander met di tyd.

En so 's dit oek met my gewees,  
 Want eer dat ek dit self nog wis,  
 Het reeds 'n ander onbefrees,  
 Myn hart fan jou gesteel mêt lis.”

Katrina staan fan skrik ferstom,  
 Toen sy di wrede woorde hoor;  
 Sy kon ni praat, mar soen fer hom  
 Om haar ferdriit en skrik te smoor.  
 “Ag, Konstantyn!” snik sy op laas,  
 “Dit kan ni wees, wat jy daar praat.  
 Ek het op jou fertrou, helaas!  
 En hoe kan jy my nou ferlaat?”

“Katrina, liefste, wees getroos,  
 Myn lêwe lank bly ek jou frind,  
 Wees daarom assebliif ni boos,  
 Dat ek 'n ander meer bemind.  
 Mar duisend pond sal ek jou gê,  
 Fer di ferbreking fan myn eed,  
 Dan sê jy tog gewis ni: né,  
 Dis wat ek alte seker weet.”

“Né Konstantyn dit het jy mis:  
 Want by di liefde haal gen geld;  
 En 'k weet, di spreekwoord is gewis:  
 Dat rykdom soos di sneeu fersmelt.  
 Wat het ek tog ferkeerd gedaan?  
 Dat jy my nou so wreed ferstoot?  
 Jy 't self foor God 'n eed gedaan  
 My trou te bly tot in di dood.

Dink jy ni an di eerste soen,  
 Toen jy myn liefde het gefra?  
 En wat ons as 'n segel toen  
 Gedruk het op myn woord fan ja.  
 Di soen brand op myn lippe nog,  
 En in myn hart soos op di dag;  
 Gen tyd, gen niks ferkoel dit tog;  
 Mar nou, wat baat dit my nog? ag!”



Konstant kon hom ni langer keer ;  
Hy druk haar innig an syn hart,  
En roep : " Myn liefste, huil ni meer,  
Ek min gen andereen, myn hart,  
Fer jou alleen het ek bemin,  
En sal jou min solang ek leef.  
Ek stel op jou alleen myn sin,  
En sal fer jout myn lewe geeff."

M. H. NESER.

## Di Koningin fan Skeba,

OF

### SALOMO SYN OUE GOUDFELDE IN SAMBESIA.

[HISTORISE ROMAN DEUR DS. S. J. DU TOIT.]

Di eerste Deel ferhaal hoe ons onder Simbabwe 'n rol ontdek, gestrywe deur Elib-ref, Salomo syn ge'ym-skrywer en prins gemaal fan di Koningin fan Skeba, waarin megedeel word dat hy di geskiedenis fan di ryk beskrywe het en dat di beskrywing same met grote skatte ferberg is onder di berg Afoer by di ebalsemde lyke fan di Koninginne. Op anwysing fan di Molimo kry ons di ber ten noordweste fan Tati en onder di berg di grafkelders en lyke en oek 3 perkament rolle. Di twede deel befat di inhoud fan di rolle en ons ferdere ontdekkings en befin-dings.

Di perkamentrolle is by 'plekke beskadig deur fogtig-hyd. Sofêr leesbaar begin dit met beskrywing fan di Paradys op di hoogland fan Afrika, onder di sonlyn, by di Maanberge en 3 Mere, waar di 4 rifire (di Nyl, di Niger, di Kongo, en di Sambesi) hulle oorsprong het—en hoe di eerste mense affällig geworde het en deur God gestraf is. —Di onderaardse kamer onder di berg blyk di afgrond af te beel ; by di ingang is di sondefloed afgebeel en ferder bese geeste.

Klaas werd deur 'n Mamba-slang gebyt en deur Umsalomi genees met slanggif. Di afstammeling fan Gam kom na di Sondefloed terug na Afrika, en stig di ryke fan Egipte en Etiopi'e. Syn seun Hafila trek o'er di Sambesi na di Goudland, en syn seun Skeba stig hiir di ryk.

Hatasu, Koningin fan Egipte stuur di eerste skippe na di Goudland toe, 700 jare foor Salomo ; sy maak 'n o'ereenkoms dat di Konings fan Egipte ferder di Koninginne fan Skeba sal anstel, en laat alles afbeel in 'n tempel, di beskrywing en afbeeldings kom o'ereen met di aftekeninge hiir in di oue grafkelders.

## TWEDE DEEL.

### IV. JOSEF EN ASENAT.

*Ons Osse gezond gedokter.—Josef in Egipte.—Po'i-far en Potifera is een.—Syn Bruid is syn Dogter, Asenat.—'n Nuwe Lesing fan di gebeurtenis met Poti-far syn Frou.—Di Koningin fan Skeba 'n Afstamme ling fan Josef.*

**D**I eerste wat ons di aand doen, hoewel dit al skemeraand was, is om di osse te gaan lyk, wat Henni en Klaas al fasmagemaak had. En ja, dit was so, an twé fan di osse kon ons al goed siin dat di plekke waar di tsetse-flige gesteeke het al begin bp te swel. Di eerste fra ons fer Umsalomi of hy dan ni daarfoor oek "meestergoed" had ni, mar hy sê : "Né, waar di fligi di os steek, hy moet dood."

Ons gaan toen mar na di aandfuur. Henni had al té gemaak, en 'n paar patryse gebräai wat Klaas di forige dag geskiit het (want Klaas fersiin ons goed fan klyn wild). Nou gaan ons mar and' eet en daarna ons pyp rook en intussen gesels.

"Henni, sou al di osse nou gesteeke wies, en sou almal wat gesteeke is nou moe' doodgaan?"—fra Neef Hendrik.

"Al te séker," sê Henni, "di flige slaan gen os o'er ni, en wat hulle steek kom ni fry ni."

"Mar hoe sal ons dan terug kom hiir fêr uit di woeste wêreld nit?"—fra Neef Hendrik.

"A, ons sal mar moet foet slaan," sê Henni.

"Né, Henni, jong, ek het 'n betere plan," fal Neef Gideon in, "jy fat net morre oggend di pèrd en jy ry na di Boesmans toe en gaan perbeer om fer ons andere osse te kry."

"ô Liwe tyd ! en denk Oom Gideon dan om by di Boesmans osse te kry?"—fra Henni ferbaas. "Né, dan kan jy net so goed gaan wors seek in di honde-hok."

"Nou, Henni, dan het ek nog 'n plan. As jy by di Boesmans ni gehelp raak ni, dan ry jy deur tot an Tati en gaan kry fer ons daar osse"—was Neef Gideon syn antwoord. "Jy kan fan di skatte wat ons hiir kry party meneem, en gaan ferkoop dit daar, en koop fer ons osse en pak meteen op hulle enige dinge wat ons meen wat di eerste mog kort raak."

"Ag né, Oom Gideon, ek sal dit so nooit doen ni. Di leeus freet my op foor ek ooit halfpad is, en as ek di leens al mog fryloop, dan fermoor di Boesmans fer my. En waar kry ek kos en water fer al di tyd op di grote end pad. Né, ek kan dit so nooit doen ni." En Henni was op di punt net beslis.

"Nou, Henni, dan bly ons mar hiir woon," sê Neef Gideon half spottend, "ons het 'n bitji boontjiis en ertjiis, en 'n bitji artappels op di wa, en dit het nou mooi gereen, dan begin ons mar morre tuin maak fer groente en Klaas kan fer ons wild skiit. En dan het ons baing tyd om al di dinge hiir goed te ondersoek. Né, wag, di ding kom nou net mooi."

"Ja, en altemit kom hiir follende winter weer jag-ters in di buurte, dan kan hulle fer ons uthelp,"—was Neef Hendrik syn anmerking.

"ô Liwe tyd ! né, as Oom Hendrik daarop wil wag, dan kan ons hiir oud worde en dood gaan, want kyk iu watter jare was hiir gen jagters ni"—sê Henni.

"Ja, Henni," sê Neef Gideon weer half jillerig, "en dan kan ons makaar mar daar onder di kop in di stene kiste begrawe. Dan het ons ni eens nodig om kiste te maak of grafte te grawe ni."



Half ernstig, half ferontwaardig sê Henni: "Ja, Oom Gideon speel nog, mar di ding is net leuk."

"Mar, Henni, kerel, ons kan tog di osse ni gesond hui ni,"—merk Neef Gideon spottend an.

"Ja, mar o's kan daarom perbeer om hulle gesond te dokter,"—fal ek toen in, want ek merk dis al hoog tyd om di gesprek 'n ernstiger wending te gé.

"Ja, mar hoe en waarmé?"—fraag Neef Gideon.

"Ons kan homoeopati perbeer;"—fal Neef Hendrik in. "Daar is goeie middels by fer hyt en steek fan giftige dire. Altemit help dit fer di flige hulle steek oek."

"Né, ek het 'n ander gedagte,"—sê ek op myn beurt. "Ek het fer julle al fertel hoe goed di slang gif teen alle soorte fan fergif en fer ferskillende siiktes is. Ek denk ons moet di slanggif perbeer fer di twé osse wat nou al begin te swel. Dan kan ons morre oggend al di uitwerking sien, en dan weet ons wat om te doen, as di ander oek molik begin te swel. Mar wag, laat ons eers fer Umsalomi fra of hule al ooit di slanggif geperbeer het fer di byt fan di gifflige."

Umsalomi ferklaar toen dat hulle nog nooit dit geperbeer het, sofér as hy weet ni. En op ons fraag, of hy ni denk dat dit sal help ni, sê hy: altemit. En daar di kwaad fan di flige hulle byt oek mar 'n fergif is, besluit ons om myn plan te folg. Di lantern word angesteek, di twé osse onder foet g'trek; op elke swelplek 'n kruisi gesny en 'n bitji slangif ingesmeer; en toen dit klaar was, elke os 'n bitji gif ingegé. En daarop gaan ons slaap, mar ek glo ni dat een fan ons al te lekker drome di nag gehad het ni.

Di follende oggend was alby osse beter. Di swelsel was gesak. 'n Menigte taarie gele fog het daaruit geloop, en loop nog daaruit. Mar ferder kon 'n mens niks an hulle merk ni, en toen ons hulle los maak gaan hulle freet of hulle niks makeer ni. Mar toen ons di anderé 6 ondersoek kry ons op 3 fan hulle oek 1 plekke wat begin te swel. Ons behandel hulle toen op diselfde manier, en di aand daarop di laaste 3, toen was al ons osse "gesout" teen di giftige flige. En ons had meteen 'n middel daarteen uitgefinde. Ons kon di dag oek alweer elkeen an syn werk gaar. Toen ons di aand di laaste 3 osse behandel het, sit ons follens gewoonte by di fuur, en nadat ons ge'et het, sou ons nou weer follens gewoonte ons befindings en werk fan dag o'ergaan. Mar di dag was mar onrustig en gebreek met di osse-doktery, en daar Neef Gideon en Neef Hendrik niks bisonders di dag ontdek had in di Grafkelders ni, sê ek toen an hulle: "Ons sal dan mar liwers gaan slaap, want ek is oek nou net by sig met 'n mooie geskiedenis fan Josef in Egipte, en ek is ni klaar gekom ni. Dan kan ons morre aand twé dage syn werk o'ergaan." Dit besluit ons dan oek, en di follende aand lees ek hulle toen di geskiedenis foor wat ek di twé dage fertaal het, soos folg:—

Di eerste Konings fan Mitsra'im [Egipte] het o'er di hele land geregeer, Bo en Onder Mitsra'im. Hulle hoofstad was eers Memfis en later Tébe. Mar

naderhand dring di Hiksos [Herders-forste] in, en ferower di onderste deel fan Mitsra'im, en hulle hoofdstad was Tanis of Soan.

Hulle eerste koning was Sut en hulle laaste koning Apepi. Daar was dus in di tyd twé Koninkryke in Mitsra'im. Mar Ra-Sekenen het 'n ynde gemaak an di ryk fan di Hiksos, en daarna was dit weer een Koninkryk. Dit was foor di tyd fan Koningin Hatasu.

Onder Apepi is Josef as slaaf ferkoop na Mitsra'im toe, en onder Ames I is di Hebreers we'r uit Mitsra'im fertrek na Kanaän.

Same met Josef het di Isma'elite nog andere slawe ingebrenge, en daaronder was 'n mooie jonge mysi. wat hulle g'koop het fan di kinders fan Het, by Mamre, waar Jakob te en oek gewoon het. En Josef het fer haar daar al geken, en hulle twe was baing gek na makaar. Josef bid toen fer Jawé [di Here] dat hulle twe tog by makaar mag kom in Mitsra'im. En di oggend op di slaw-mark kom daar 'n man met 'n deftige rytuig en hy hou stil en kyk al di slawe deur. En Josef bid in syn hart dat di man fer hulle alby mag koop. En nadat di man al di slawe deur gekyk het koop hy fer hulle twe.

Dit was Potifera, 'n priister fan On, en di Kaptyn fan Farao syn lyfwag. Hy was 'n goeie en sagsinnige man en het syn slawe baing goed behandel en fer hulle baing fryheid gegé. En feral fer Josef het hy opsiner gemaak o'er syn hele huis, sodat Josef di opsig had o'er di slawe in alles in di huis.

En Josef was baing ferliif op di jonge slavin wat met hem same gekom het. Haar naam was Asenat. Mar ongelukkig werd Potifera self oek ferliif op haar, en wou self met haar trou, sodat di treurtyd o'er Tamnus ferby was, en Apis, di hylige bul, weer ferskyn.

Di hele Mitsra'im siin nou met ferlange uit na di dag wanneer di treurtyd sal ferby wees en di blye dag anbrek. Mar hoe nader di dag kom, hoe treuriger di arme Asenat foel, want sy had Josef liif met haar folle hart en gru fan di gedagte dat sy met Potifera sal moet trou.

Toen di treurtyd amper ten ynde was gé Potifera befel an Josef, dat syn bruid Asenat moet foorbery worde om met hom te tron op di dag as di hylige Apis weer ferskyn. Terwyl di hele stad treur om



Osiris ferful 'n dipere smart di hart van di arme Asenat. Sy eet of slaap ni, en treur mar in di stilte, terwyl almal om haar denk dat sy deel in di algemene treurtyd.

Dis nou al di laaste aand en morre most sy di bruid wees. Mar sy had liwers haar doodskleed angetrek as di pragtige bruidspak wat fer haar gemaak is. Hoe nader di dag kom, hoe swaarder dit word. Sy kan daar ni an denk om met haar Meneer te trou ni. Sy gru fan di gedagte. En wat kan sy, 'n arme slavin, doen? Sy mag sig ni teen di wens fan haar Meneer ferset ni.

En di swaarste fer haar is nog, fan dat haar Meneer besluit het om fer haar tot frou te neem en dit an Josef bekend gemaak het, fermy Josef fer har. Hy kom ni meer soos gewoonlik by haar ni, en as hy haar moet siin, keer hy syn oge af, en spreek gen woord met haar ni. Dit ferswaar haar druk en smart, en maak haar al meer afkerig teen Potifera.

Haar enigste troos is nou nog mar om te denk hoe sy en Josef same fé opgepas het an Hebron, toen hulle nog kinders was. Hoe hulle same as slawe hiir na Mitsra'im toe g. breng werd, en hoe hy fer haar toen fertel het fan Jawê [di Here], di God fan syn oners, Abraham, Isak, en Jakob, en fer haar geleer het om by di God troos te seek.

Dit doen sy dan nu oek. Sy kniil neer en smeeke Josef syn God om haar nog mar een slág troos te gé uit Josef syn mond en haar dan mar te ferlos uit di lewe en fan di huwelik waarteen sy 'n afsku het.

Toen sy klaar had met bidde, hef sy haar hoof op, en kyk daar staan Josef foor haar. Mar wat was sy ferbaas en teleurgestel! Hy fal foor haar op syn kni en sê: "Mefrou! eers was ek uw mede-slaaf; nou is ek uw onderdaan!—Di genadige heer Potifera het an ons alby syn weldadighyd betoon. My het hy ferhef uit myn slawestaud en het my baas gemaak o'er syn hele huis; en nou stuur syn guns my om u as syn bruid te begroet, en an te kondig dat morge as di hele stad in feesfreugde jubel, dan sal hy u as syn gelukkige bruid in syn arme ontfang. En mog ek daarby 'n enkele wens foeg dan is dit: di God fan myn faders, fan Abraham, Isak en Jakob, di God wat ons same anbid het as kinders in di felde fan Mamre, en as

slawe, di God segene u as bruid en frou fan myn genadige heer!"

Hy swyg en soen de soom van haar tabbert, en bly so op syn kni haar antwoord afwag. Sy staan 'n hele ruk geheel o'erbluf. Naderhand is dit nes sy ontwaak uit di slaap of bykom uit 'n floute, en met 'n dipe sug seg sy: "Staan op, myn geliefde Josef! staan op! Dis ni jou plek om foor my te kniil ni!—Ag, duisendmaal soeter sou it fer my wees om foor myn Josef te kniil en syn foete te was met myn trane; duisendmaal soeter sou elke slaw diins, ja di swaarste slaweketen fer my wees, as ek myn liwe Josef mar as heer o'er my had en ek mar 'n enkele glimlag kan siin tot myn ferstroosting. Mar wat is myn lot nou? Befryd fan liggaamlike slawerny, sal myn gees, myn hart en siil nou onder 'n wre dere slawerny moet ferkwyn. O Ek gru, ek walg daarfan! Sal ek hom teen myn siin in myn arme en in myn boesem moet ontfang! Ag né, Potifera kan my ferneder tot di diepste slawerny, hy kan my dood maak, (en liwer eenmaal dood as duisend dode sterwe en lanksaam te ferkwyn), mar hy kan, hy sal my nooit dwing om hom myn hart en myn liefde te gé ni.

"Ag, Josef, het jy dan gen medelyde met my ni? Het ik my dan so bedriig? Het jy my dan ni bemin toen ons saam jonk en onskuldig was en jy my geleer het wat deng en ware liefde is?—En nou is jy koud soos ys. Ag, erbarm jou tog o'er my!"

Sy stik weg in trane en fal neer an syn foete. Hy rig haar op en sê: "Asenat! wees getroos. Gé tog ni toe an 'n onredelike smart ni. Jou bruidspak is klaar, so kosbaar as fan 'n koningin. Duisende maagde in Mitsra'im beny jou gelukkige lot. Morre is jy fan slaaf ferhef tot di hoogste adelstand."

"Ag," seg sy, "wat baat my alle staat of rang, wat al'e goud en purper en edelgesteente, as myn arme hart sig self moet bween! o Red my, Josef, red my fan di afskuwelike huwelik wat fer my erg'er is as di swaarste slaweketen. Ek floek di ferwenste huwelik. Ag, red my, red my tog, ferlos my fan di juk! Ek folg jou tot an di ynde fan di aarde. Geef my net jou hand. Ek fra niks meer ni.—Ag, Josef, jy wyer?—Jy kyk weg! Ag keer di hemelse oog tog ni fan my af ni. Dis di enigste ster wat nog fer my op aarde blink. Ag, denk tog, ek staan op di rand fan di graf.—Ek stort nou, fer di laaste maal, myn



hart, myn siil, myn alles foor jou uit. Ek fal an jou foete neer. Ontfang my as jou bruid, jou metgesel deur sandwoestyn en wildernis! Jou hand, myn Josef, of di dood!—di dood an jou sy!—Josef, jy ken myn suiwere hart. Lees daarin! of ag jy di hart onvaardig, dan volg ek jou as slafin! Mar ferstoot my tog ni. Red my, of ek sterf.”

Sy werp sig weer neer op di grond en omklem syn knie, en roep nogeens: “Eén woord fan ontferming een ek sterf!” en bēwende klem sy syn bene al faster.

Josef self was ontsteld. Hy sug en beef, en al wat hy kan uitkry is: “Asenat! beminnelike Asenat!” Wēnende en snikkende lig hy haar op. “Ag, Asenat, wil jy my dan tot so'n sonde, so'n rof ferfoer? Jy is Potifera syn slaaf en ek oek. En hy het jou ferhoog tot syn bruid en my tot syn opsiner. Hoe sou ons dan so'n son te doen? Ons ken Abrahams God, wat reg en geregtighyd ys. Roep di God an om krag. Ag, help haar, help my, barmhartige God! Help ons, want mensekrag skūt hiir te kort!”

Hy ruk sig los, n seg: “Né, ons mag ni! Asenat! faarwel!”...

“Né,” gil sy uit, en gryp hom weer om syn lyf. “Né, ek het gen andere hoop as jy ni, gen God ni as jy alleen! Né, ek laat jou ni los ni. Fer ewig hou ek jou fas. Ek sterf an jou bors. Gen almag ruk my fan di bors los ni. Hiir, ja hiir sterf ek. Di fuur fan myn siil sal di ys fan jou hart laat smelt. Hiir”....en koorsagtig omhēls sy hom en 'n warme soen fersmoor di woorde op haar lippe, terwyl haar trane syn bors besproei.

Josef, self radeloos en buiten sig self, mak haar arme los en fal an haar foete neer, en sé: “Ag Asenat! om Gods wil, om jou selfs wil, en om my ontwil, wees tog bebaard!”

“Né,” gil sy uit, “né, dis nou afgelaan. Jou fry of dood! Neem my, of dood my!”

“Ag hemel!” sug Josef, “né, dis tefen! Dit kan gen mensehart hou ni. Faarwel fer eenig!”

“Wreedaard! né, bly! bly, of sleep my same! Sleep my huilende in myn bloed na di afgrond mé as jy wil!”—Hy flug...sy gryp syn opperkleed. Dit skeur los. Sy hou dit fas, fal op di grond neer en stamp haar hoof stukkend op di floer, en na nog 'n

gil leg sy daar in haar trane en bloed, flou, sonder asem.

Di huisgenote het haar geskreen gehoor, en stroom an fan alle kante. Daar leg sy met Josef syn opperkleed in haar hand, fol trane en bloed en ademloos... Di slafinne breng haar na haar bed.

Potifera word geroep. Josef werd gefang en in boeie geset, en foor hom gebreng, terwyl almal onstuimig om wraak roep.

“Ontmenste booswig moet jy so myn guns beloon? Het ek daarom fer jou ferhoog en o'er myn hele huis geset, dat jy myn bruid, myn diirbaarste moet anrand en onteer? Ferberg jy so'n bose hart onder di sedige gesig?—Mar spreek! Wat kan jy sé tot ferskoning fer jou gruweldaad?”

“Myn Meester!” seg Josef bedaard, “ferwag tog ni dat ek fer my sal beskuldig of ontskuldig ni. Daar leef 'n God wat alles siin en alles an di lig sal breng. Di er laat ek an Hem, wat di onskuld liif het. Ek leg myn lewe an uw foete neer as u dit ys. Mar n ken myn wandel, oordeel self of 'n menselike hart sig self so meteens kan ontrou worde. Mar ek gefoel self, alles getuig hiir teen my. Ek ondergaan myn lot gewillig. Net een woord. Het tog medelyde met uw bruid. Gen brou beswaar myn hart ni. Spreek mar myn fonnis uit.”

Hy gaan weg. Di brawe Potifera is bewig angedaan. Na 'n ruk stilte seg hy: “Né, di fergryp an di bruid fan syn meester is te groot. Dit kos hom syn hoof...Mar né, daar is tog ferskoning. Di fersoeking was te groot. Same opgefoed, alby nog so jonk en furing. En molik het sy hom nog angemoedig oek. Né, ek sal syn bloed ni seek ni, mar hom in di tronk syn skuld laat boet.”

Mar di gerug flüg deur heel Mitsra'im, tot in Farao syn paly. Almal roep om wraak. So'n misdaad moet swaar gestraf worde tot 'n afskrik. Asenat word foor Farao gebreng en di opperkleed tot 'n getuigenis teen Josef. Mar Farao bekyk di mantel en siin di skeur en fingermerke agter in di sleep, en sé: “Di merke getuig fan flug, en ni fan 'n geweldadige anranding ni. Dit bewys dat di slaaf di frou wou ontfug en dat sy hom wou fas hou en dus fan agter gegryp het toen hy flug. Di kleed toon syn onskuld. Mar, Asenat, jy moet bloos, want di kleed was in jou hand.”



“Ja, wrêdaards,” seg sy, “ferskeur myn arme hart mar nog meer! Mar wi het dan fer Josef beskuldig? Dis julle, julle self. Ek was in fertwyfeling ferfoer; ek weet ni wat ek gedoen het ni. Ne, spaar di edele jongeling! Set hom di kroon fan onskuld op di hoof. Di straf behoort an my. Straf my mar, ek dors tog na di graf.”

En meteen gryp sy 'n dolk en druk dit diip in haar bors, en fal neer wentelend in haar bloed.

Dadelik laat hulle di koning syn dokter kom. Hy bekyk haar en pyl di wond en wend al di kragte fan di geneeskuns an om haar lewe te redde, want dit was di begeerte van Potifera en fan Farao.

Hy herken haar toen, en seg by sig self: “Ag, frisse, teere blom, ek het jou hart gegriif, ek is oorsaak fan jou ongeluk. Mar né, ek sal fergoede wat ek gedoen het, ek sal jou genees en jou geluk herstel.”

Daarop wend hy sig tot Potifera en sê: “Jy wet, Fors, hoe fêr myn kennis fan ferborge dinge strek. Wel, ek het uit di sterre gelees, dat jy in gefaar was om bloedskande te pleeg met jou oudste dogter. Di kwaad wou ek foorkom, en het jûn huis laat oppas. Toen jou oudste dogter gebore is, sterf jou frou in di kraam. En ek het di kindji laat weg ste l en na Midia gestuur. En fandaar is sy as slaf in teruê gegoer in di arme fan haar fader, wat in onwetendhyd haar as bruid in syn arme wou neem. Gelukkig, di hemel het dit afgeweer. Di onskuld fan julle alby is gered. Daar leg jou dogter, Potifera. Jou droewige ferliis is fergoed. En met haar bloed het sy di noodlot fersoen. Nou wag hwar 'n saliger huwelik.”

“Ja, wat ek gefoel het was faderliifde, mar ek het dit ni ferstaan ni. Myn diirbare Asenat, jy behoort my toe, ni as bruid ni, mar as kind. Nou ferstaan ek jou afkeer om met my te trou. Ek was ferblind.”

En di Koning Farao klim fan syn troon en sê: “Eer nou di mag wat julle fan bloedskande ferlos het. En an di edele Jongeling behoort sy toe. Reeds het ek, deur syn wyshyd foorgelig, syn bande losgemaak. Josef en Asenat is nou bruid en bruidegom, en Potifera is di gelukkige fader fan 'n seun en 'n dogter, wat 'n troon en 'n septer wêrd is.”

So is Josef getroud met Asenat, di dogter fan Potifera, en syn oudste dogter is getroud met di Kroonprins fan Mitsra'im, en aldus is later uit di saad fan Josef

en Asenat di prinses gebore, wat di Koningin fan Skeba geworde het, waar fan ons nou ferder de geskiedenis sal ferhaal.

“En staan dit alles daar in di ou rolle?”—fra Henni ewe haastig toen ek klaar had met lees.

“Ja seker, Henni, siin jy nou, jy wou mos ni glo ni”—merk Neef Gideon op.

“A né, mar nou glo ek, Oom Gideon, di ou rol het fer my regtig laat huil fannaand. Né, nou wil ek al te graag weet wat ferder in di ou rolle staan. Meneer du Toit moet nou finneg fertaal. Ek word nou nuwagig”—was Henni syn bekenenis.

“Ja, Henni, glô my, ek het di twe dage net hard gewerk om te fertaal wat ek fer julle nou gelees het,” was myn antwoord.

“Mar hoe kom sou di rol dan net di een ding fan Josef fertel?”—fra Neef Hendrik.

“Wel, omdat di skrywer soos ons fan di begin af al gesin het di oue geskiedenis fertel net so fêr as dit in ferband staan met di geskiedenis fan hiirdi land, waar fan by di kronike beskrywe, soos hy belooft en soos ons dit waarskynlik later sal kry. Di ferhaal gô hy so uitfoerig, omdat hy wil laat uitkom dat di Koningin fan Skeba 'n afstammeling is fan Josef en Asenat, net soos di geskiedenis fan Rut ons uitfoerig ferhaal word om an te toon dat David en later Jesus nit haar afgestam is.” Dit was myn antwoord.

“Mar waar sou Elihoref al di bisonderhede gekry hê?”—fraag Neef Hendrik ferder.

“Waarskynlik fan di Koningin fan Skeba self, in elk gefal uit Egiptise bronne.”—merk Neef Gideon op.

Daarop merk ek op: “Ja, en molik uit andre bronne oek. Di Koran en andere oue geskifte het oek heel wat daarfan. Daar was baing mondelinge o'erleweringens in di dage.”

“Mar di ferhaal is mos in stryd met di Bybel,”—merk Neef Hendrik an; “want kyk fere rs, hy maak Potifar en Potifera één persoan.”

“Né, dis ni juis in stryd ni. Di oue Griikse fertaling fan di Oue Testament deur di 70 geleerde Jod, wat juis in Egipte gemaak is, ge di twe name oek net eenders op, en di meeste bybelferklaarders stem oek in dat dit een en diselfde persoan is, net mar di naam Potifar is 'n ferkorting fan Potifera, soos ons find dat meer name in di bybel ferskillend gespelde word.—So oek met di naam fan syn dogter. In Hebreus is dit *Asnoot*, di Griikse en Latynse fertaling het dit *Asenat*, en ferskye andere fertalings het dit *Asenat*, terwyl ons Hollanse fertaling is *Asnat*. Mar dis duidelik dat dit mar diselfde Egiptise naam is wat in di ferskillende tale ferskillend uitgedruk word,”—was myn opmerking, want ek had di twe dage fer afwisseling reeds nagelees omtrant di geskiedenis wat ek kon kry.

“Né, di geskiedenis kom fry na o'reen met di bybelse ferhaal, dis net meer uitgebryd,” merk Neef Gideon an. “Selfs daarin is gen beswaar ni, dat di



bybel haar noem Potifar syn *frou*, en follens di ferhaal was sy mar ayn *bruid*. Mar follens di gebruike fan di tyd was ferloofde so goel as in in e i frou. Kyk mar Lot syn skoonseuns, hulle word reeds syn skoonseuns genoem, hoewel hulle mar ferloof was an syn dogters. En di geskiedenis ferklaar dit wonderlik mooi, hoe Potifar syn bruid meteen syn dogter was en later met Josef getroud is. Di enigste punt fan ferskil lyk fer my, dat sy h'ir onstuldiger voorgestel word as in di bybelse ferhaal."

"Ja, en daarfoor is oek 'n heel be'rypelike rede. Daar haar dogter later in di koninklike famili fan Egipte g'troud is, is dit heel natuurlik dat di Egiptise tradisi, waaruit Elihoref deukelik geput het, di saak fer haar so mooi en skoon as molik is foerle,"—merk ek op. "Sodat di ferhaal fan Moses hiir op di punt fan fe skil oek di waarhyd befat."

"Mar 'n ander beswaar wat ek siin," sê Neef Gideon, "is dat di Farao waaronder Josef fernerder en ferhoog is blykbaar geregeer het o'er di hele Egipteland, follens di bybel, en follens di ferhaal was dit een fan di herdersforste (Hiksos), wat mar o'er Onder Egipte geheers het."

Di beswaar had ek oek al by di fertaling gehad en had dit o'erdenk en di boeke wat ek had daaro'er nagelees; daarom kon ek maklik dit oplos: "Dit is opperflakkig beskou 'n beswaar. Mar dit fal weg as ons bedenk, dat di honger swaar was o'er di *hele* land fan Egipte, ens. dat dit moet ferstaan worde sofer as di Farao syn regering gaan." Ferder lees ek hulle toen foor wat Professor Rawlinson daarfan seg (in *Ancient Egypt*, bl. 145):

"Daar was 'n oue o'erlewering dat di Koning wat fer Josef tot syn eerste Minister gemaak het, en di hele bestuur fan Egipte in syn hande gestel het, Apepi was. Georg de Sinsellus seg dat di tydsbepaling deur almal angeneem is. Dit is duidelik dat di ankoms fan Josef ni, nes di fan Abraham, gefal het in di tyd fan di Oue Ryk ni, want onder Josef was p'erde en wagens en karre in gebruike, wat onbekend was foor di infal fan di herdersforste (Hiksos). Dis oek natuurliker dat Josef, wat 'n freemdeling was, sou ferhoog worde deur 'n freemde Koning as deur 'n gebore Egiptenaar, en di guns an Josef syn broers bewys, wat herders was (Gen. 46: 32), kom in elke gefal o'ereen met di o'erlewering dat dit 'n Herdersforz was, wat op di troon was in di tyd fan hulle ankoms. 'n Priester fan Heliopolis sou bowediin ni lig syn dogter met Josef laat trou het ri as dit ni in 'n tyd was toen di priisterskap in 'n fernerderde posisi was. Foeg hiirby dat di Farao fan Josef blykbaar in Beneden Egipte gewoon het, en ni an Tébe ni, wat di setel fan di regering was enige honderde jare foor en na di regering fan di Herdersforste.

"En as ons anneem om Josef te plaas onder een fan di Herdersforste dan is daar gen rede waarom ons ni di o'erlewering sou anneem wat hom ferbind met Apepi ni. Apepi was heerser o'er di hele Egipteland, soos dit lyk of Josef syn Farao was. Hy het *een* God

erken, soos di koning gedoen het (Gen. 41: 38, 39). Hy het as koning he'itemal di Egiptise sedes en gewoontes angeneem. Hy had 'n raad fan geleerde skrywers, 'n pragtige hof, en 'n freedsame regering tot di ynde toe. Syn setel was in Benede-Egipte, in Tanis of Anaris. Hy was 'n fors fan sterke wil, standfastig en gedetermineerd; een wat ni terug gedyns het om grote feranderinge in te foer ni, en wat syn besluite uitfoer op 'n bitji willekeurige manier. Di gronde dat hy di koning fan Josef was is wel ni onfylbaar ni, mar tog so waarskynlik, dat ons geny foel, met di meeste nuwe geskiidskrywers fan Egipte, di andoenlike geskiedenis fan Josef te plaas onder di regering fan di laaste Herdersfors."

Daarop merk Neef Hendrik nog an: "En daarmé kom oek o'ereen wat di Bybel sê, dat na Josef syn dood 'n freemde koning opstaan wat Josef ni geken het ni, en Israël ferdruk. Dit meen dan 'n nuwe forstehuis (dinasti)."

Hiir fal Henni in, fer wi di geselsaery nou 'n bitji te droog worde: "Ja, hoe dit oek mag wees, mar dis daarom net 'n mooi stori; ons moet nou mar gaan slaap, dat Meneer du Toit morge fluks kan fertaal. Ek wil nou graag weet wat ferder in di ou rol staan."

En di wenk word gefolg.

## Di Swalweltjiis.

Ek sit mos eenmaal in myn skool,  
Myn pligte te ferrig,  
Toen ek gesteurd werd deur 'n fo'el  
Wat toen myn andag stig.

Dit was al naby somertyd;  
Di winter was ferby;  
Di Swalweltjiis fliig rond en wyd  
Hul nessiis te bery.

Twé kom myn skool toen binne fliig,  
Bekyk toen alles deur,  
Om hul tog ni te laat bedriig,  
Laat toen di wêreld skeur.

'n Half uur was nog skaars ferby,  
Of hiir kom hulle weer,  
Een ider met 'n bek fol kly,  
En plak dit teen di muur.

En so het hul di hêle dag  
Met bouwe angegaan,  
An ruste het hul nooit gedag,  
Of an hul werk lat staan.

Mar onfermoei werk alleby,  
So saam fan dag tot dag;  
Hul breng so bek na bek fol kly,  
Met al hul krag en mag.



Dit was fer my so aangenaam  
Om hulle te anskou,  
En hoe dat hul so lieflik saam  
Hul nessi kunstig bou.

So het hul daarmé angehou,  
Met flyt, tog sonder haas ;  
Hul was fer my so lief en trou,  
Daar was oek gen geraas.

Nou frinde, oud, jong, groot, en klyn,  
Fan kleure bruin of rood.  
Di klyne Swaluws hiir so ryn  
Gé ons 'n voorbeeld groot.

Ten eerste dat ons lieflik saam  
Ons werke moet ferrig,  
In onse Here Jesus naam ;  
Dis onser aller plig.

Ten tweede ons moet-nooit ni twis,  
Soos dit gewoonlik gaan ;  
Want dis ferkeerd—dit is gewis—  
Met twedrag fort te gaan.

Di laaste tyd oek met ons kerk  
Gaan dit te danig naar.  
En waarom so ? *Dit is ons werk !*  
Ja ons werk : Ag ! hoe swaar !

Ons skole moet ons nou mar oek  
Net in di oge hou.  
Dis naar soos "skool-komités" spook,  
Party goi op di tou.

Ek sal nou ni meer ferder gaan,  
Kom slaan di swaluws ga ;  
Want sonder twis gaan hulle aan,  
Kom folg hul voorbeeld na.

S. A. DU TOIT,  
C. P. Strydenburg

Di Afrikaanse Almanak ver 1897, Burgerlik en Kerke-  
lik, is di Almanak wat elke Afrikaner moet hê. Inhoud  
buisonder belangrik. Prys net mar 1s. per pos. Kontant.

Di Afrikaanse Almanak ver 1897 is amper klaar. Stuur  
dadelik julle orders. Wat eerste order en geld meestuur  
word di eerste gehelp. Prys net mar 1s. per pos. Kontant.

Di Afrikaanse Almanak ver 1897 sal behalwe al syn  
menigte nuttige informasie bevat ses fraai prente : Pres.  
Steyn, di Kaapstad van Leeuwstert ; di Hollanse Kerk en  
di Kaap met di gedenkwaardige Preekstoel, ens ; Port  
Elisabeth ; Oost Londen en 'n afbeelding van di Monu-  
ment wat op Slagtersnek sal opgerig worde. En tog kos  
di hele almanak mar net 1s. stuk, Kontant.

Di Afrikaanse Almanak ver 1897 is amper klaar, en  
glo my van d'usse jaar is hy belangrik. Di hele brand-  
siikte wet van 1894 ; di kos alleen al meer as 1s. Dan  
is daar 'n gids ("of Directory") van sowat al di dorpe en  
distrikte in Suid Afrika, waar hulle lê, hoe hoog, opbreng-  
ste, bevolking, ens. En 'n menigte ander nuttige dinge  
en dit alles net ver 1s.

## Oom Jan en Willi.

**W**ILLI sit fis fang. 'n Paar kurpertsjies lê  
langs hom, wat hy gefang het. Oom  
Jan di kom toen by hom en sê : "Nou,  
Willi, jy het seker nou al di fisse uit di water  
uitgepluk. Ek siin mar net elkemaal hoe jy ag-  
tero'er styer, nes een wat di senewe-rukkings  
in syn nek het ; en dan siin ek mar weer hoe jy  
gryp nes 'n falk wat di krammenéle stuipe het,  
om hy ni 'n kuikentji in di hande kan kry ni.  
Ek wonder," sê di ou, rondsiinde, "dat ek ni  
party fan jou fingers an di bossiis siin bolderma-  
kisi speel ni."

"Ag, oom Jan," sê Willi, "ek het nog niks ge-  
fang ni."

"Skaam fer jou, Willi," sê oom Jan, "daar lê  
dan twe fissiis langs jou ? Waarom moet jy nou  
liig ? Gedenk an Ananias en syn frou. Dit is 'n  
grote kwaad om 'n leun te fertel." Terwyl oom Jan  
so staan praat pak 'n grote paling di hoek fan  
Willi beet. "Haal op, Willi ! jy het hom beet !"  
skré oom Jan. Willi di gé 'n pluk en ruk di ding  
uit. Oom Jan wat nog nooit in syn lêwe 'n paling  
gesiin het ni, skré : "Slang, Willi !" Di ou  
gé 'n spring en trap Willi onderstebo, plat in di  
modder ; mar di ou was mos ni meer jonk ni, hy  
fal self dwars o'er Willi, dat hy anderkant op syn  
neus in di water te land kom.

Ongelukkig steek 'n stuk riit by di ou syn  
broekspyp in en gé hom 'n skraap an di been.  
Di ou dog nou seker dis di slang wat hom gebyt  
het. "Gebyt !" skré di ou. Willi di spartel nog  
om uit di modder uit te kom. Hy dog dis regtig  
'n slang, wat oom Jan gesiin het, en wat di ou ge-  
byt het.

Oom Jan di gooi nou sommer plat huis toe.  
Hy kom nog fêr fan di huis af an, toen skré hy al  
moord en brand. Ou tant Hessi, syn frou, hoor di  
lawaai, kom uit en dog dat di ou man fan syn  
sinne af is. Sy fra ferfaart : "Wat, ou man,  
wat makeer ?" Di ou di kan nog net sê : "Slang,"  
en wys na syn been.

Ou tant Hessi het nou gou gou alle soorte fan  
goed wat sy in di hande kon kry op geplak.  
Intusse kom Willi an geloop, so besmeerd as hy  
was en fra wat dit was. Nou was Oom Jan al  
weer 'n bitji by asem, sodat hy kon sê : "Di slang  
wat jy met di hoek gefang het, het my gebyt."

"Myn mensig, oom," sê Willi, "wat di drom-  
mel makeer oom ; dis gen slang ni, dis mos 'n fis."  
"Watte ?" sê di ou, "n fis ! watter soort fan fis  
is dit dan ?"

"Dis 'n paling, oom," sê Willi.

"Trapper makiri !" sê Oom Jan. "Daarom oek,  
'n fis byt moes ni ; dis dan seker 'n stok of so liis  
wat my gesteeke het. Sakkerloot ! ou frou, smyt



wegdi goed! Myn been is gezond. Mar, Willi, di moker fan 'n ding di blaas dan! Di soort fan fis freet ek so nooit as nooit. Dis 'n drommelse rarespektakel fan 'n fisternasi. Mar, Willi, wat het ons 'n bolmakisi tuimeling gemaak? Ek wonder of myn neus nog hiir sit," sê di ou, en foel na syn gesig. "Nou siin jy, Willi, di woord sê: 'wees fersigtig gelyk di slange,' watter slang sal so onfersigtig wees om in di water an 'n hoek te gaan byt? Di spreekwoord sê oek: 'Haastighyd kan lig berou,' dit leer ons om eers bedaard 'n saak te onderzoek en ni te haastig te wees ni en ni sommar halsoerkop fort te gaan ni."

Willi di het gou an almal wat hy teue kom di grap fertel, en toen storm hul Oom Jan toe, om di ou te plâ. Di eerste een wat Oon Jan siin begin sommar te jöl; "Absa, Oom Jan, dit was 'n grap met oom!"—"Jy moeni foeter ni," sê di ou. "Wel oom, mar ek wens dat ek so 'n modderasi gepeuter kon bywoon." Oom Jan di ferger hom en sê, terwyl hy di ander skerp ankyk; "kyk hiirsô, mannetji, as ek fer jou net nou an jou strot beet kry, dan sal jou di dit en dat ry." Di outji siin toen, dat hy fer hom sal fas loop by oom Jan, en hy huis toe met di hase pad, en laat oom Jan alleen.

J. J. J. TALJARD.

## Dire Storiis.

WAAROM UIL NI BEDAGS MAG FLIIG NI

OF

HOE DI FO'ELS 'N KONING GEKIIS HET.

(Deur Mnr. D. fan Niekerk, Riiitpoort, Aberdeen).

**S**OOS elkeen weet het idere nasi hulle Koning, en so wou di fo'els oek 'n Koning hê.

Een dag kom hulle toen bymakaar, en fra onder makaar: *wi* hulle sal Koning maak? Di een sê fo'elstruis, 'n ander di eentfo'el, 'n derde di arend. So was daar 'n heleboel benoem, mar hulle kan ni eens worde wi om te kjiis ni.

Tinktinki maak toen di foerstel: dat di een wat di hoogste reg op kan fliig sonder om te rus, Koning sal wees. Aasfo'el sê toen hulle moet eers 'n bitji kans gé om te rus, en gé ferder an di hand di follendé in di foerstel in te foeg: "Fliig solang as jy kan, en draai dan 2 maal in di ronte, en weer daar fan daan so hoog as jy kan, en dan in di ronte, en maak dan 'n geluid."

"Ja, Ja," sê algar, "di wat di grootste kardaastuk doen sal Koning wees o'er ons."

Di Sekretaris-fo'el sê toen, dat hulle dit an neef Tinktinki moes o'erlaat om di dag te bepaal;

want hy het hulle uit di moeilikhyd gered met syn goeie raad. "Ja, Ja," stem almal saam.

"Nou ja," sê Tinktinki "ek dank julle fer di eer my angedoen. Ek is klyn, mar nou foel ek my groot. Ek sal elkeen 'n kans gé. Pandag kan elkeen doen wat hy wil, mar morré om 9 uur moet elkeen teenwoordig wees."

Algar is toen tefrede en ider fat syn koers, en Tinktinki gaan en fertel an syn frou di eer wat hulle hom bewys het. Onderwyl hulle so sit gesels siin hulle fer Aasfo'el daar bo in di lug fliig, en hulle kyk stip en siin Arend bokant hom fliig. Toen sê syn frou an hom: "Nou het ek fer jou 'n goeie plan, mar jy moet dit fer jou bewaar."

Di bepaalde tyd breek an en almal is teenwoordig. Idereen is angstig o'er di fraag: wi Koning sal worde.

Uil kom toen met 'n ander foerstel en sê: hulle moet di Sekretaris-fo'el Koning maak, want hy is altyd so goed gekleed. Toen spot hulle fer Uil, en sê: "Dis net omdat hy en Sekretaris ni goed kan fliig ni."

Tinktinki gé toen order, dat almal op 'n ry moet stâan. Hy maak hulle weer di foerstel duidelik, en sorg dat hy na an Arend kom. Hy sal tel tot dri, dan is idereen frygelaat om te doen wat hy kan om Koning te worde. So gesê, so gedoen.

"Een, twe, dri"! en Tinktinki is onder Arend se fierk en sit so stil molik.

Nou kan 'n mens begryp watter 'n aardighyd dit was. Fo'elstruis het oek so 'n paar springe gegé en draai 'n paar mal in di ronte, en laat syn kop sak. Flakkoester het oek 'n end opgefliig, mar kom gou weer grond toe. Rooifalki het oek 'n goeie end opgegaan en stâan daar bo in di lug, en béwe béwe somar soos hy skré.

So het di een na di ander gedoen wat hy kon; en nadat di grootste gedeelte al teruggekome was en di uitslag afwag siin hulle dat Aasfo'el en Arend stry teen makaar, en fra onder makaar: "Mar waar is ou Tinktinki dan?" Een sê: "jy moet niks ferwonder of hy is oek daar bo o'eral."—"Né wat," sê 'n ander, "hy is te ferspot."—"Ja," sê weer 'n ander, "hy is so lig en klyn, dat 'n warlwindtji hom sags kan opwaai."

Toen mompel hulle onder makaar, as dit so kom dat hy di hoogste is, moet hulle hom doodmaak; want hy is te ferspot en klyn om o'er ons te regeer.

Aasfo'el maak toen syn twede draai, en toen Arend dit siin dog hy: "Wel, ek en Aasfo'el is di naaste an makaar, ek sal oek mar draai, en net toen hy wil draai fliig Tinktinki onder syn fierk uit sonder dat Arend daarvan weet. Toen Arend syn draai gemaak het en net wil skré, sê Tinktinki hiir bokant: "tink! tink! tink!" en hou so 'n ruk an. Toen sê Aasfo'el: "Hoor daar bokant jou,



Neef Arend."—"Ja," sê Arend, "dit laat ek gelde, dit is welgedaan."

Toen Aasfo'el nog so 'n bitji fersuim het en siin daar is nimand bokant Tinktinki ni, toen fou hy syn flerke en kom somar regaf, soos hy nou nog doen as hy op aas af kom. Toen volg Arend, en daarna kom Tinktinki langsaam af. Toen Aasfo'el by di geselskap kom hoor hy net fra: "Wi is Koning? Seker Neef Arend né?" "Né wat," sê Aasfo'el "Tinktinki was bokant almal."

Hulle kan dit ni glo ni. Toen kom Arend oek en hulle fra fer hom, wi was di hoogste. Arend sê toen oek, dat Tinktinki di hoogste was. "Né, né," hoor jy mar net, "hy kan ni Koning wees ni, hy moet dood."

"Né" sê Aasfo'el, "dit is ni reg ni, hy het dit eerlik ferdiin om Koning te woës." "Né," sê hulle, kom "hy iste ferspot, hy moet dood," en almal gaan hom tegemoet om hom dood te maak. Mar wi sê so? di oudji is somar tussen hulle deur en kry gelukkig 'n muisgat, waarin hy kruip.

Toen kan 'n mens hoor raas foor di gat. Hulle kom toen o'ereen dat Oom Uil, omdat hy di grootste oge het, foor di gat moet sit oppas, terwyl di ander grawe en pikke gaan haal om hom uit te grawe. Hulle was 'n hele ruk weg, en onderwyl raak Oom Uil and' slaap en fliig Tinktinki uit en gaan in 'n digte bos wegkruip.

Toen di ander fo'els kom het hulle begin te grawe en al di hoekiis goed deur gesoek, mar kry niks. Hulle beskuldig Oom Uil toen dat hy het sit slaap met syn groot oge en Tinktinki laat uitkom het. Uil stry. "Nou waar is hy dan?" sê Witborskraai. Uil antwoord ni. "Nou praat ek gen woord meer ni," en fan di dag af het Wit Kraai nog nooit 'n geluid gemaak ni.

Di hele trop sit toen agter Oom Uil an en spot en lag hom uit. En hulle spot en ferfolg hom tot fandag nog.

Daarom sit hy nou bedags met toe oge, en soek syn kos in di nag.

Toen al di fo'els nou siin dat Tinktinki fer di derde maal 'n kardaastuk doen, roep almal uit. "Tinktinki is Koning" Toen kom Tinktinki uit en stel fer Fiskaal an as laksman fan di fo'els en di pos beklé syn nakomelinge tot fandag toe nog. Mar omdat Oom Uil di forige nag op di fry uit was én sit slaap het, is syn straf nou dat hy nooit in di dag mag fliig ni, want dan agterfolg al di fo'els fer hom.

### Di Klaaglidere fan di Transfaler.

Di sprinkhane en di droogte  
Is swaar nou op ons land,  
En wat fan ons moet worde  
Is bowe myn ferstand.

Di Pes ferwoës myn Beeste,  
Di meeste is al dood,  
Dis erger as di "Rooinek,"  
Hiir help gen kruit of lood.

Onsigbaar en onkeerbaar  
Fat hy di laaste bees.  
Wat sal ons nou beginne  
As kinders huil om flees?

Ek het 'n groot famili;  
Hul is 'n hele span;  
Ek is al amper raadloos,  
Mar doen tog wat ek kan.

Nou laas kom hiir 'n fryer,  
'n Kêrel groot en mooi,  
Fan stand en goed karakter.  
Ek het hom ingenooi.

Hy fra my na myn dogter,  
Di jongste buiten twé;  
Ek sê hom: sy is besig  
Om kamers uit te fé.

Hy sê: "Myn liwe oompi,  
Jou dogter wil ek trou."  
Ek se: "Né wag, myn seuntji,  
Jy gaan tog al te gou.

"Het jy 'n plaas en huisraad,  
En hoefeel fé het jy?"  
"Ek het twé honderd skape,  
En nog 'n pérd," sê hy.

"Jou kerk is uit, myn kêrel!  
Myn dogter 's ni fer jou.  
Denk, net twé honderd skape!  
Bewaar jou arme frou!"...

PERCY REX.

### Hoe wonderlik ons gemaak is.

#### SPYSVERTERINGS ORGANE.

DI liggaam kry syn voedsel op twé aparte manire, namelijk 1) deur eet en drink, en 2), met asemhaal deur di longe; en di een is so onmisbaar as di ander.

Di hoeveelheid *droge* voedsel wat 'n middelmatige man op 'n dag nodig het, om net te bly swet as hy is, is nog ni reg een en 'n kwart pond ni en dit gaap alles na di bloed op 'n halwe vèrenden na. As ons nou hiirby nog neem omtrent ander half pond suurstof lug of gas, wat deur di longe opgeneem word, dan maak dit al te saam nog iin minder as twe en driekwart pond wat 'n man op 'n dag mé goëd kan klaar kom.

Al di kos wat 'n mens eet, word met betrekking tot di spysvertering vèrdeel in 4 soorte:—

1), *Y er-wit stof*, dis namelijk alles wat o'ereen kom met di wit van 'n y'er. Dit kry 'n mens oek in klyne mate by meel en melk, en by di drillerig



hyd van gekookte potjiis, en nog in baing andere dinge.

2). *Vet*, dit wil sê al di oliagtighyd van plante en dire.

3). *Stysel* of *Suiker*, wat mar *een* klas uitmaak, omdat *Stysel* gemaklik in suiker kan verander, as 'n mens dit net mar 'n bitji lang in jou mond hou.

4). *Minerale*, soos kalk en fosforus, ens.

Di lesers moet nou mar 'n bitji di vreemde name verliif neem, want dis baing belangrik om elke ding by syn naam te noem om 'n juiste begrip te kry.

Buiten di minerale is 'n mens syn liggaam uit 4 hestanddele gevorm, namelijk: Suurstof, Stikstof, Waterstof, en Koolstof, en di 4 word *elemente* genoem, omdat gen een van hul weer kan verdeel worde ni.

Neem hyvoorbeeld *Water*.—As 'n mens met 'n elektrise stroom met water in anraking kom, dan verdeel dit di water, en in plaas daarvan kry 'n mens dan suurstof en waterstof. Dit bewys dat di twe bymakaar moet kom om water te maak.

So kan 'n mens sout of soda oek verdeel, en daarom is hul ni *elemente* ni. Mar dit kan ni gebeur met di 4 soorte wat opgenoem is ni.

Goud, Silwer, Koper, Yster, Swawel, en 'n menigte andere soorte is oek *elemente* en net so onverdeelbaar.

Om nou tot di saak terug te kom.—*Vet* bevat —suurstof, waterstof, en koolstof; en *stysel* bevat oek diselfde dri, mar terwyl *vet* baing koolstof het, het *stysel* mar min, mar dit het meer suurstof en waterstof.

'n Mens syn liggaam word vernameelik warm gehou deur di verbranding van koolstof, en terwyl *vet* di grootste gedeelte koolstof bevat, is dit daarom, dat mense in di koue streke, so baing vet en traanoli kan eet, want dis 'n bekende fyt dat in ind gewoonlik lus kry ver wat syn liggaam nodig het. Wit van y'er het van al dri wat by *vet* is, mar daarby bevat dit oek nog stikstof. So, al sou 'n mens oek nou al hoeveel *vet* en *stysel* alleen eet, dan gaan hy tog daarom dood, omdat di liggaam dan moet gebrek ly an stikstof. As 'n mens nou niks anders sou eet as wit van y'er (en syn soort), dan sal hy nooit van honger dood gaan ni, mar alleen is dit 'n baing onvoordelige kos, omdat dit so min koolstof het en baing stikstof.

By di tyd dat hy genoeg koolstof ingekry het, het hy al 4 maal meer stikstof ge'eet as wat hy nodig het, en dit gé ni alleen di maag verniit meer werk ni, mar di liggaam het oek weer di moeite om dit uit di bloed uit te kry.

Om nou nog 'n ding te noem.—1 lb mager vlees op 'n dag het genoeg stikstof ver 'n mens; mar daaruit kry hy mar 'n kwart van di koolstof wat hy nodig het. Neem hy hiirby nou nog 'n half-pond *vet*, of een pond suiker, dan het hy genoeg, mar dis daarom ni te sê dat di maag daarmé juis sal tevrede wees ni. Di beste verhouding is om-

trent 2 pond brood en drikwart pond vlees op 'n dag. Brood alleen het alles wat 'n mens nodig het, mar oek ni in di regte verhouding ni.

Mar hiirby kom nou nog wat di maag van elke soort kos denk. Van twe soorte kos, wat alby ryk genoeg is, is nogtans di een baing meer verteerbaar as di ander, en daarom meer wêrd. 'n *Stukki* droge kaas bevoorbeeld is ryk an y'erwit, mar is so onverteerbaar, dat dit as kos mar min beteken. Melk en y'ers is twe dinge wat di maag mar min moeite gé, en daarom as imand niks anders kan gebruik ni, dan kan hy nog melk drink.

Goed gaangemaakte vars vlees is meer verteerbaar as groente, soos ertjiis, artappels, en boontjiis, mar daar is oek groot onderskyd, of dit wel beste, skaap, of varkvees is; want, soos ons weet, is daar mar min mense wat op 'n duur kan varkvees eet. Dan is di vlees van jonge dire oek baing meer onverteerbaar as wanneer so 'n diir uitgegroeï is. Van vlees op aparte manire klaar gemaak is braaivlees (goed gaar, mar sag en sappig) di makkelikste om te verteer.

Di werk wat di maag doen, met betrekking tot di spysvertering, verys baing inspanning, en net soos enige lid wat gewerk het ten minste dri maal in di 24 uur rus gé, so moet ons oek di maag laat rus as ons wil hê dat dit gesond moet bly. Een van di grootste oorsake van "Indigesti" (slegte spysvertering) is te dikwils eet. By swak mense kan ons di reel ni in ag neem ni, want hulle eet mar so min by 'n maaltyd, dat hulle verplig is om tussen in wat te gebruik om di kragte op te hou.

Sodra 'n mens di kos kou word dit gemeng met saliwa (speeksel), wat by ses klyne gatjiis in di mond uitspuit. Twé van hul is bo en 4 onder. Di saliwa begin dan oek al dadelik alle *stysel* in suiker te verander, sodat dit in water kan oplos. Daarom is dit van veel waarde om di kos goed fyn te kou.

Soos di kos in di maag kom is daar oek weer 'n party kliirtjiis wat begin te werk en 'n ander soort vog afsky, wat vernameelik di wit van y'er oplosbaar maak, en deur dat di maag rek en krimp, meng hy dit alles goed deur makaan. Party van di voedsel begin nou al hiir deur te syfer, en kom in di gylaar uit.

Di kos wat nou al heeltemaal dun is, kom dan stadig skuins bó by di maag uit in di ingewande, en hiir kom dit nou weer in anraking met di gal, wat deur 'n klyne aartji ni ver fan di maag af in di groot darm uit vloei.

Gal word natuurlik bewerk deur di lever, en al di o'ertollige gal gaan solank na di galsakki, totdat dit ver gebruik nodig is. Al di bruikbare bestanddele van di voedsel wat nou nog ni opgelos is ni, word nou deur di gal bewerk, totdat dit deur di dunne vliis van di ingewande kan deursyfer.

So kry di bloed weer gedurig terug al wat dit afgé, en stel hom weer in staat om ver syn voedsel van morre te sorg.



“GROTE SKUUR”  
VOOR DI BRAND.



Ons gé ons lesers di slag twee portrette van Grote Skuur, di merkwaardige woning van Mr. Rhodes, wat op Dingsdag morre, 15 Desember 1896, afgebrand is, waarby vele merkwaardige oue gedenkstukke verbrand is soos o'erblyfsels uit di ruïne van Simbabwe, oue dokumente betreffende di eskiedenis van Suid Afrika, historise flae. en oue skilderstukke, oudhede wat fer en geld fan di wêreld terug te kry is ni hoewel party gared is. Di eerste portret stel di gebou voor soos dit was voor di brand en di tweede soos dit is na di brand.


Daar is 'n belangrike geskiedenis verbonde aan Grote Skuur mar daar ons ruimte beperk is kan ons net 'n paar punte medeel. Soos di naam andui was dit oorspronkelyk, in di tyd van di Hollandse Oost Indise Maatskappy, 'n graan skuur. Later werd dit ferra der in 'n woning en was di ferblyf van di Gouverneurs. Meer as 'n eeu gelede was dit bewoon deur 'n foorfader van "Onse Jan." en later was dit in besit van Mr. Adam de Smit, Landmeter-Generaal van di Koloni. In 1873 het hy dit ferhuur an Sir Henry Barkley, toen Gouverneur van di Koloni, w t dit bewoon het tot 1878, toen dit ferkoop werd an Merr. J. van der Byl,

*Kyk ander bladsy*



# “GROTE SKUUR”

NA DI BRAND.



wat di naam ferander in "The Grange." Daarna was di buis ferhuur an Sir Hercules Robinson (nou Lord Rosmeád) fer 'n tyd. Di follende huuder was Mnr. Rhodés, wat ongeveer 4 jare gelede di y'endom gekoop, en weer di ou naam van "Grote Skuur" daaran gege het, ten di gebou oek weer in di oue styl laat herbou het, met onderwetse deure en vensters en meutels en strooi dak. Hy het £35,000 gespandeer an 'i gebou, wat nou in di as, lê.

Di brand is ontstaan buite an di dak om half 3 in di oggend. Di oorsaak is nog ni bekend ni.



## Di Reosknoppi.

(Bekroonde Pryspraag).

FERKORTE INHOUD.—Di leser maak kennis met di persone wat di hoofrol ferful: Mnr. Retief en syn vrou, met syn 2 dogters Betti en Maria, en syn seun Dani; ferder met Betti Briuk, di niggi fan Mnr. Retief syn kinders, en haar frindin, Anni Joubert.

Dani en Anni het 'n gesprek o'er nasionalityt, waarin di onnodig gebruik van Engelse woorde afgekeur word.—Hulle gaan na di waterfal toe, in di berg; Anni fal fan 'n klip en breek haar been wat deur Dani gespalk word. Anni herstel, na 'n maand.—Anni en Dani in di blomtuin; sy gë an hom 'n reosknoppi wat hy moet bewaar, en hulle neem afskyd fan makkaar.

Mnr. C. Brown di winkelier en Mnr. Van Dyk kom di aand by Mnr. Joubert deurbring om te onderhandel en te siin di besighede van Brown en Joubert ineen te smelt. Anni haar pa het haar di vorige aand bekend gemaak dat hy wil hê dat sy met Brown moet trou, wat haar grote smart yeroorzaak daar sy hom haat inplaas van lief het. Dit word fertêl dat Mnr. Joubert so bitter teen di Afrikaner Bond gekant is. Di rede was dat hy deur middel fan di Bond in di Parlement wou kom, mar di Bond wou hom daar ni bring ni, omdat hy onbekwaam is. Brown fra Anni na 'n konsert.

Di Vrydag aand neem Brown fer Anni na di konsert, en toen hulle terugkom ferklaar hy haar syn liifse, waarop sy hom reunit sê dat dit moeite te fergeefs was. Toen Anni by di huis kom was di dokter daar, omdat haar ma skilik baing sijk gë worde het. Toen sy later na haar kamer toe gaan kry sy daar 'n bief van Bettie Retief, waarin sy an Anni bekend maak dat sy binnen 'n korten tyd gaan trou met 'n seker Smit van Johannesburg. Anni soek in di briif te fergeefs na iits van Dani—gen woord fan hom.

Dit word di lesers fertêl hoe dat Mnr. Retief agteruit gëgan is deur ferandere te help. Betti Retief gaan trou met Mnr. Smit van Johannesburg, en gaan daar woon. Mnr. Joubert gaan fer 'n tydji, na di dood fan syn vrou, na Johannesburg, en neem fer Anni saam, Brown gaan oek saam. Anni ontmoet daar fer Betti en Dani. Uit gesprekke ens. maak Anni op dat Dani ferloof is an 'n seker Miss Lissi Cameron, wat haar tot grote smart is. Dani fra fer Anni na 'n konsert.

### V.—SOET EN SUUR.

**D**IS 'n heerlik stille aand, en Anni stap met Dani na di konsert. Hulle perbeer o'er di weer en o'er di heerlike aandlug na so 'n warm dag te praat, dog hulle kon tog mar ni lekker gesels ni; dit was of in elkeen syn keel 'n artappal fas sit, net soos in 'n kind syn, as hy na di fakansi weer skool toe gaan, wat mar ni wil afsak ni. Anni, wat soos ons weet 'n faste wilskrag besit en ni fan wegkruipertji speel hou ni, besluit, an di akelige gefoel dadilik 'n ynde te maak en sê dus: "Mr. Retief, hoe kom is dit dat jy so ferander is?"

"Ek ferander? Né jy het abuis! Waaran lyk dit of ek ferander het?"

"Wel jou hele doen en late wys dit an—"

"As jy fer my dit kan antoon sal ek dit molik kan siin, mar nou kan ek nog ni siin dat ek ferander is ni."

"Nou goed, dit sal êk doen. Kyk, gister middag het ek ferwag, en ek denk ek had reg daartoe, om fan jou ten minste 'n frindelike gesig te siin, daar ons makkaar so lang ni gesiin het ni, mar daarna het ek te fergeefs gësoek, intendeel het dit my gelyk of jy my ternouwernood wou ken. Mar dit was mar niks. Ek het egter nooit ferwag dat jy my sou groet met *Miss Joubert* ni, jy het my froeger ni so genoem ni, is hiir dus ni ferandering?"

"Ja, dit is so, mar wat kon ek doen? Ons moot di ty'e en omstandighede in aanmerking neem. Ek sal jou argumente nou een fereen mooi nagaan. Dat ek ni frindelik was ni, is omdat ek toen net fan di kantoor af kom en daar deur drukke besighyd terneergedruk werd, sodat ek meer lus had om my in 'n gat weg te steek as om mense te siin. Dat ek *gemaak* het of ek jou ni ken ni, is ni so ni. Ek het jou werkelik ni geken ni, want Betti het my ni gesê dat jy 'na ons sal kom ni, ek het ni eens geweet dat jy in Johannesburg is ni; en al het ek dit geweet, dan kon ek tog nooit denk dat jy di opoffering sou maak om my te kom geluk wens ni. Mar kon ek jou laat ferstaan hoe bly ek was om jou weerenmaal te siin, dan sou jy ni sê dat ek ferander is ni. En dan ten laaste tot ferskoning dat ek jou nou *Miss Joubert* noem inplaas fan Anni, kan ek net dit sê: dat ek nou dood arm is, en jy is skatryk en—"

Hiir fal sy hom in di rede met: "Stop asseblief met di nonsens, ek siin wat jou plan is, jy wil gaan bewys dat ons ferskil in rang en stand deur armoede en rykdom, mar jy weet net so goed as ek dat rykdom ni 'n mens ferhoog ni. Né di Bybel sê, ni rykdom ni, mar geregtighyd, en dit weet jy self; dit wil sê as jy nog jou Bybel lees. Is dit nou al rede waarom jy my ni meer noem soos froeger ni, of sou jy dit buitendiin liwers doen al had jy di rede ni?"

"O, as ek kon maak soos ek 'liwers' wil, dan sou ek jou nooit anders as Anni noem ni, mar het ek di reg?"

"Ons het eenmaal makkaar di reg gegé, en ek het fan myn kant nog nooit di reg ingetrek ni!"

"Nou wel, dan bly dit so, ons sal daoro'er nou ni ferder praat ni. Ons noem makkaar weer soos froeger. Mar Anni"—ag hoe soet en ferrukkelik klink di naam so as dit uit *syn* mond kom, nou in haar ore?—"Jy is oek so baing ferander, en sal jy my nou toestaan dat ek jou op myn beurt weer daar na fra?"

"O, niks sal my angenamer wees as om opheldering te gé ni."

"Ja mar sal jy my net so met waarhyd en openhartighyd beantwoorde soos ek gedoen het?"



“Stellig; begin mar?”

“Onthou jy nog, foor omtrent 2 jaar, di morre daar by ons in di blomtuin?”

Hy wou verder praat, mar hy kon di woorde ni bra uit kry ni; en Anni het ni ferwag dat hy so dadelik op di punt sal kom ni; en was dus oek ni instaat om hom te gemoet te kom ni.

“Toen het ek fer jou iits gegè,” gaan hy weer an, “en —”

Hy kof ni ferder praat ni, want Brown en syn 2 frinde, Blake en Wilson, haal hulle toen net fan agter af in. Di 3, wat fer hulle skynbaar ni herken het ni, gaan by hulle ferby, mar toen was hulle oek al so digteby di konsertsaal dat daar ni kans was om verder te praat ni.

Dani was een fan di deelnemers an di ferrigtings en het hom di aand oek net regte goed fan syn rol gekwyt.

Anni haar pa sit digteby haar, mar sy het hom ni opgemerk ni, ygenlik het sy di aand mar min mense raak gesiën, behalwe Dani. Haar pa merk op dat sy di aand so bysonder opgeruimd en liif daaruit siën, hy het haar in gen tyd so gesiën ni, en hy begin hom reeds met di hoop te fly, dat di ferandering fan lug fer haar goed gedoen het; een doel het hy beryk, hy kry moed dat hy di ander oek sal beryk. Mar wynig vermoed hy dat haar toestand an heel andere omstandighede moet toegeskrywe worde. Di konsert was fer Anni di mooiste wat sy in lange tyd bygewoon het. Met di “pauze” het Dani fer haar gesè dat sy na afloop mar ’n bitji moet bly sit, hy sal haar daarom gou kom haal om haar na huis te bring. Dat hy haar ni dadelik kan kom neem ni was omdat di bestuurder fan di konsert gefra het om hom na afloop fer ’n paar minute te siën. Toen di konsert dan oek afgeloop was kom haar pa na haar toe, in di mening dat sy met hom saam na di hotel sal gaan. Sy fertel hom egter dat dit ni haar plan was ni. Hy fra haar toen uit na di jonkman met wi sy saam gekom het, en sy fertel toen fer hom wi hy was en hoe dat sy altyd di fakansiis by syn pa en hulle deurgebring het. En onder di praat laat sy ongelukkig ’n paar woorde fal tot lof fan Dani, en dit laat hom dadelik agterdog kry. Terwyl hulle nog sit praat kom Dani, sy maak hom toen bekend an haar pa, en daarop laat hulle toen fat: hy na di hotel en hulle 2 na Smit syn huis.

Dani soek allerhande praatjiis op pad, mar Anni hoor dit mar half. Sy wag net na ’n mooi kans om di gesprek wat afgebreek werd met di gaan na di konsert, weer fort te sit. Toen daar dan oek ’n mooi kans was sè sy:—

“Mar fan effend het jy ni uitgepraat ni, jy wou nog iits gesè het?”

“Ja, ek wil jou graag iits fra, mar ek kan ni, jy sal fer my kwaad worde, en ek wil fer niks in di wêreld hê dat jy fer my moet kwaad wees ni.”

“Ag, Dani, moeni fer jou ferspot hou ni, fer wat sal ek dan so danig gou kwaad worde?”

“Nou kyk, jy weet di morre toen ons daar in di tuin by makkaar was, het ek fer jou ’n roosknoppi gegè en fer jou gefra om dit te bewaar, en toen ons daar weggaan was daar ’n duidelike ferstandhouding, misskiin meer as ’n ferstandhouding tussen ons, ni waar ni?”

Sy antwoord sag, mar met nadruk: “Ja.”

“Nou, ek is bly dat jy dit nog onthou, want daaruitkan jy siën hoe dat jy en ni ek ferander is.”

“Mar, Dani, hoe kan jy dit sè? Ek is hoëgenaamd ni ferander ni.” was di sagte ferwyt.

“Hoe het ek dit nou? Jy weet nou goed wat ons daar an makkaar belowe het en di belofte is reeds ferbreek en met foete fertrap!”

“Fan jou kant mag dit wees; fan myn kant ni!”

“Fan jou kant ni? En jy is reeds ferloof, en sal binnenkort gaan trou?”

“Ferloof an, en gaan trou met wi?” fra sy enigsiens ferbaas.

“Kom, Anni, moeni denk dat jy fer my alles kan wys maak ni, ek weet alles.”

“Mar wat op aarde weet jy?—haat ek dit tog hoor!”

“Moet ek fertel?”

“Asseblif, mar fertel my alles wat jy weet, want dit lyk my of jy meer weet as ek, en oek waar jy daaran kom.”

“Goed; fanmorre sit ek en Blake in di kantoor, want hy is een fan di assistent boekhouers, toen kom Brown en jou pa daar in. Brown maak toen fer jou pa by Blake bekend, en sè: ‘dis myn anstaande skoonfader!’ Ferder fertel Brown toen an hom dat hy met jou sal gaan trou—binnenkort—dan gaan hy en jou pa in maatskappy; jou pa gaan dan by julle woon. Ferder fra hy nog fer Blake of hy (Blake) ni dan na P—wil kom om syn hoofd boekhouer te wees ni. Jou pa het daar bygestaan en dit stilswygend bevestig. Siën jy nou dat ek, tot myn smart, meer weet as jy gedog het?”

Anni gé ’n sware sug, want sy ken haar pa en weet wat nou sal kom. Sy neem egter moedig di woord en sè: “Jy weet daarom nog niks, en wat jy weet is ni waar ni. As jy my nou belowe om nooit weer daaraan te praat ni, dan sal ek nou fer jou di hele waarhyd fertel?”

Hy belowe dit natuurlik. En sy fertel hom toen di hele toedrag fan sake, soos di leser reeds bekend is, sy foeg egter daarby dat sy niks met di Brown wil te doen hê ni; dat sy nooit fer hom fertrou het ni, en di middag an tafel in haar wantrouwe fersterk is geworde; en dat sy haar, eer dat sy di frou fan Brown word, liwers sal gaan ophang.

Ondertussen was hulle tuis gekom, mar daar dit so ’n lekker stille aand was, bly hulle nog ’n bitji op di stoep staan en praat. Dani was glad in di



wolke o'er wat hy gehoor het, en neem nou di goeie kans waar, nou dat hy siin dat hulle twee nog in diselfde betrekking tot makkaar staan, om haar te fertel, hoe innig hy haar altyd bemin het en nog bemin; hoe dat hy haar nooit geen enkel dag, selfs onder di drukste besighyd, fergeet het ni; en was net op di punt om syn hand haar by vernuwung aan te bide, en di ou belofte weer te bekragtig toen sy hom stop met:—"Wag, Dani, jy gaan te fer, jy fergeet jou self."

"Ag ja," seg hy, "ek fergeet oek al weer, dat ek mar 'n boekhouer en 'n arme boere seun is."

"Né, Dani, praat daarfan assebliif ni weer ni, jy weet wat myn gefoele op di punt is; mar daar is iits anders wat ek op di oog het."

"Praat tog reguit as ek jou mag bidde; wat bedoel jy?"

"Wel, ek sal oek weer by di roosknoppi begin. Onthou jy nog dat toen jy di roosknoppi fer my gegé het, jy gesê het dat so lank ek di roosknoppi in myn besit het en dit bewaar, gen ander jou hart sal inneem en my daar uit sal ferdring ni; dat di roosknoppi 'n onderpand fan onse trou sal wees? Ek was getrou; ek het di knoppi nog; mar 'n ander het di plaas in jou hart ingeneem. Of het jy ni gemeen dat ek di roosknoppi so lank moet bewaar ni?"

"Het jy dit nog? Ag, wat is myn blydschap groot; jy was dus getrou. Ek oek."

"Jy oek! Hoe maak dan met Miss Cameron, met wi jy o'er 'n maand sal gaan trou?"

"Ek gaan trou met Miss Cameron! Dis ni so ni. Waar kom jy daaran?"

Sy fertel hom toen alles wat sy di forige agtermiddag gehoor het, waarop hy haar toen uit di droom uit help, dat sy wel gaan trou, mar met 'n ander kêrl.

"Siin jy nou, ek was net so getrou soos jy?"

Wat ferder gevolg is, sal di leser wel kan raai. Di ou belofte werd herhaal, en ferségel met 'n warme kus, en daar in di nagtelike stilte sweer di twee trouwe harte opnuw 'n eeuige trou an makkaar.

Anni sê toen fer Dani dat hy solank in di sitkamer moes wag, terwyl sy gou iits in haar kamer gaan haal. Sy kom terug met 'n klyn dosi in haar hand, waaruit sy toen di bewuste roosknoppi haal en fer hom fra of hy di dingetji ken. Hy neem dit laggend in syn hand en sê: "Ja, sal ek dit dan ni ken ni?" Hy wou dit weer terug gé, mar sy sê: "Né, jy moet dit hou. Mar wag, gé dit hiir dat ek dit weer in di dosi sit." Daarop gé sy dit fer hom en sê: "Ek het 'n foorgefoel dat daar nog grote moeilikhede in ons weg sal kom, mar niks sal ons kan sky'e ni, jy sal my volgens gebruik 'n ring gé, en di sal ek reg laat wederfaar, mar ek gé jou fan myn kant net di roosknoppi, di het ons eens by makkaar gebring en di sal dit andermaal doen, as jy getrou is en di dood

kom ni tussenby ni. Neem dit en bewaar dit, en ek beloof jou nou weer op myn beurt dat so lang jy dit in jou besit het, en bewaar, gen ander myn hart sal besit ni as jy alleen."

Hy neem dit, druk haar nogmaals an syn hart, en hulle gaan na hulle kamers. Hoe angenaam was di rus fer Anni ni. Sy was moeg, want soos ons weet sy het di forige nag omtrent nooit geslaap ni. En watter onderskyd was daar ni tussen di 2 nagte ni: di forige nag werd sy byna ferteer deur bittere silesmart, en hoe groot was haar freugde en blydschap nou? Sy had oek ruime dankensstof; haar hartewens was sofer ferful.

Anni het nog enige dage by Betti gekuier, mar toen het haar pa haar kom haal, omdat, soos hy sê, dit ni goed staan fer haar om in diselfde huis saam met 'n jongkêrl te loseer ni, en omdat hy haar graag by hom wil hê. Dit was egter mar 'n foorgewing; daar was 'n ander rede, en om dit te wete te kom moet di leser mar fer hom in di gedagte ferplaas in 'n prifate kamer fan di hotel, di aand foórdat Mnr. Joubert fer Anni gaan haal het.

In di kamer sit 3 mans in 'n ernstige gesprek gewikkel. Dadelik siin ons dat hulle ou bekende is, n.l. Mnr. Joubert, Brown en Blake. Ons sal nou ni fertel alles wat daar gepraat is ni, net di hoofpunte is genoeg en di kom korteliks hiirop neer:

Brown sê an Mnr. Joubert, dat hy ni syn woord gehoor het ni, want Anni was nou ferloof an di ellendige Retief. Hy sal an Mnr. Joubert 8 dage tyd gé om fer Anni di ferlowing met Retief te laat uitmaak en met hom te laat an maak. Gebeur dit ni, dan kom daar fan hulle maatskappy niks en inteendeel sal Blake syn kapitaal, wat nogal 'n ansiinlike som was, in Johannesburg los maak, dan sal hulle 2 in maatskappy gaan, en net doen wat hulle op aarde kan -om fer Joubert in P—uit te werk.

Mnr. Joubert was dood ferwonderd om te hoor dat Anni reeds ferloof was, hy was reeds fan di plek af 'n bitji agterdogtig, mar was bang dat hy haar miskiin ferkeerd sal oordeel en haar dus onnodig alle genot ontneem deur haar fan haar frindin weg te neem. Nou had hy egter ferskrikkelik spyt dat hy haar ni di aand fan di konsert af na di hotel geneem het en haar belet het om ooit weer haar foete by Betti Smit te sit ni. Hy sou dit egter morre doen. Hy wou daarom graag weet of dit waar was fan di ferlowing, mar hulle bevestig dit altwe so dat hy daaran ni kon twyfel ni. Hy wou oek graag weet hoe 'n soort fan kêrl di Retief is, want kom di ding mogelijk ter sprake en Anni wil weet wat hy dan ygenlik teen Retief het, dan moet hy tog iits kan opnoem. Daarop sê Blake dat Retief 'n arme kale jakhals was en daarby so trots dat hy haas met nimand omgaan ni. Mar as hy meer wil weet dan sal hy fer Wilson roep, want



Wilson is met hom en syn hele famili bekend, daar hy lank digteby Retief syn pa gewoon het.

Hy stap uit, en gaan fer Wilson in di "billard" kamer haal. Wilson kom met 'n lang Sondags gesig in en hou fer hom of hy fan niks weet ni, dog dit was mar gefynshyd, want hulle 3 het fan tefore alles kant-en-klaar afgepraat. Hy gaan nou ewe statig sit,—natuurlik dik gedrink an di wiskey—en begin op di frage fan Mnr. Joubert te fertel dat di pa fan Retief 'n baing lastige en oneerlike buurman was, wat feul moeite an syn bure gé; dat hy 'n hardkoppige bekrompe Bondsman was; dat hy een tyd 'n welgestelde man was, mar deur skelmstuk en bedriery nou dood-arm was; in een woord, hy skilder Mnr. Retief net so swart as hy mar met molikhyd kan, en hy sou nog meer fertel het, want hy was 'n goei'e spreker,—of beter leunaar—mar Mnr. Joubert stop hom met te sê: "Né wag stop, man, dis glád heelmaal genoeg; ek word glád naar om te denk dat myn dogter haar in sulke geselskap befind; mar morre sal ek daar 'n end an maak. Goeie nag."

Di follende dag laat hy dan oek fer Anni haal en di agtermiddag fra hy fer haar om na syn kamer te kom. Toen sy inkom sit hy by 'n tafel met 'n hele trop papire foor hom en di donkere wolk op syn foerhoof toon duidelik an dat daar storm in syn siil was. Hy gé haar 'n stoel en begin met te sê:

"Kyk, myn kind, ek het met jou 'n ernstige gesprek en ferwag by jou ferstandighyd en eerlikkyd."

"Di eerste kan ek fer pa ni belowe ni, want 'n mens kan jou ni self ferstandig maak ni; mar di laaste wel, want pa weet dat ek nooit oneerlik is ni."

"Ja, myn kind, ek weet dit. Dog ons sal mar dadelik op ons punt kom. Jy weet wat myn begeerte is dat jy sal doen, tot jou y'e beswil, en jy het my oek alle hoop gegé eer ons hiirheen gekom het, mar pas was ons hiir of jy ferbreek op onbarmhartige wyse al myn hoop, en daarmé sal jy oek welhaas di hart fan jou fader breek."

"Ag, pa moeni so praat ni. Dit sou myn hart breek as ek weet dat ek iits gedoen het wat fer pa griif, en nou sê pa ek het dit gedoen; wat is dit; wat het ek gedoen?"

"Dit is ni nodig dat jy dit fra ni, jy weet dit goed genoeg!"

"Né pa, ek weet ni, praat tog reguit, en fertel my dit tog?"

"Nou goed! jy weet dat myn liifste begeerte is dat jy met Brown sal trou; en nou het jy jou an di ellendige Retief ferloof. Of wil jy dit ontken?"

"Dit is my wonderlik waar pa daar an kom, mar dis minder, en daar pa eerlikhyd fan my ys sal ek dit folmondig erken. Is dit dit wat pa so griif?"

"Ja"

Anni siin dat haar pa reg reg kwaad en gebelg was en sy wis werkelik ni wat te doen ni. Sy het egter gou haar besluit geneem, namelik dat dit beter was om di storm mar eenmaal te laat uitwoed, as om al dag in 'n beswangerde lug te lewe, en daar dit ni anders kan ni, sal sy mar di eerste roer.

"Mag ek as pa se enigste kind di rede weet waarom dit pa so griif?"

"Ek denk jy weet dit goed genoeg, mar as jy dit wil weet sal ek jou dit fertel?" sê hy op 'n enigins barse toon.

"Ja pa, sê my dit asseblif."

Di smekende, kinderlike en edele uitdrukking in haar skone bloue oge kon ni anders as fer hom sagter stem, en hy sê toen op frindeliker toon:—

"Jy weet hoe ek myn hart op jou geluk geset het, en met di oog daarop fer jou 'n gesel uitgesoek het wat fer jou sal kan sorre as ek eendag daar ni meer is ni. Ek is daarin geslaag; ek het imand gekry wat jou allesins wêrd is, in di persoon fan Brown, jy ken hom goed genoeg en weet oek dat daar fer ons heelwat geldelike voordele an di huwelik ferbonde is. Mar dit lyk of jy jou y'e geluk met foete wil fertrap, en my op myn ou dage alle smart an doen."

"Mar pa," fal sy hom ni di rede, "pa weet tog dat geld my nooit sal kan bewege tot 'n huwelik ni. En wat angaan dat ek hom ken, ja dis waar ek weet iits fan hom, mar wat ek weet is sleg, goed weet ek fan hom niks. En dan, pa en ek ken gen een syn geslagregister ni; ons weet glád ni wi hy is ni. Mar di groot saak is: ek het hom ni liif ni; ek sal hom nooit kan liif kry ni, ja ek haat hom."

"Dat jy hom haat is net omdat jy jou hart fan di ellendeling fan 'n Retief laat inneem het."

"Mar hoekom noem pa hom elke maal 'n ellendeling?"

"Omdat hy dit is."

"Mar pa! Pa ken hom ni?"

"Ek ken hom beter as jy denk."

"Hoe kan pa hom ken; dis nou di eerste maal dat pa hom siin? En as pa iits slegs fan hom weet fertel my dit dan, en as dit waar is dan belowe ek fer pa dat ek ons ferlowing sal afbreek."

"Nou dis goed." Daarop fertel hy toen alles wat hy fan Wilson gehoor het, en skilder dit natuurlik nog swarter as Wilson.

"Mar pa, waar kom pa daaran?"

"Wel, ek het dit uit di mond fan imand wat hom en syn hele famili goed ken."

"Wi is dit?"

"Wilson."

"Wilson! A, dit het ek wel kon denk, want hy en syn 2 frinde doen alles wat hulle kan om fer Retief hiir weg te werk, omdat hulle bang is fer



hom. En wat angaan dat hy fer Mnr. Retief so goed ken, is oek ni waar ni. Wilson het as bywoner fer 3 maande by Mnr. Retief gewoon, mai deur syn sleg gedrag het Mnr. Retief hom weggeja. Hy is daaro'er kwaad fer Mnr. Retief en daarom wat hy hom beliiig en beswadder so fér as hy kan.'

"Myn kind, di stori het Retief jou seker fertel, en ek moet jou reguit sê dat ek dit ni glo ni. Mar —"

"Né pa, Retief het my dit ni fertel ni; dit het gebeur in di tyd toen ek daar op skool was en daarom wat ek dit alles weet."

"Nou, ons sal di punt so ferby gaan. Mar jy het net nou gesê, Wilson en syn frinde is bang fer Retief, waarom sou hulle fer hom bang wees?"

"Sy sê toen fer haar pa dat sy niks kan bewys ni, mar as hy belowe om dit foorlopig stil te hou sal sy hom dit fertel. Hy belowe dit. Sy fertel hom toen alles wat sy weet omtrent di fermiste geld, soos sy dit fan Dani en Mnr. Smit gehoor het. Hy sê egter kortweg dat dit fals was en dat hy fan beter weet; ferder seg hy:—

"Kyk, myn kind, ek is jou fader en weet beste wat fer jou goed is. Ek het di beste fer jou gekiis; dis nou jousaak of jy dit wil anneem of ni. Ek sal jou kort en sakelik sê wat myn besluit is: Ek gé jou tyd tot morre aand, dan moet jy fer mysê wat jy gaan doen. Doen jy soos ek wil hê; goed, dan kan jy 'n gelukkige toekoms te wagte wees. Wil jy egter hardkoppig bly, dan ferklaar ek jou ronduit dat ek jou ni meer as 'n kind sal beskou ni, en dat jy gen penni fan my sal erf ni."

"Sal pa my dan wegja?"

"Natuurlik ni. Jy sal by my in huis woon so lang ek lewe, mar nias di kind fan froeger ni. En ek sal jou dit nog sê: Daar sal, solang as ek lewe, niks fan 'n huwelik tussen jou en Retief kom ni."

"Dit is my bitter hard, om di woorde uit pa se mond te hoor, mar ek is tog bly dat pa reguit gepraat het, so sal ek oek doen. Pa hoef ri te wag tot morre aand ni, myn besluit is reeds geneem, namelik, ek sal nooit met Brown trou ni. En as dit ni pa se goedkeuring wegdra ni, dan sal ek oek nooit met Retief trou ni,—hoewel ek an hom getrou sal bly tot myn dood, mar dan sal ek altyd alleen by pa woon. Ek het nou een fersoek, mag ek dit fra?"

"Wat is dit?"

"Pa is di enigste frind wat my dan nog o'erby, belowe my nou dat pa my nooit sal ferstoot ni, omdat ek di eene begeerte fan pa ni kan doen ni."

"Dit beloof ek jou met myn gehele hart."

"En nou nog iits, mag ek dit oek fra?"

"Seker."

"Retief en ek het gen een geweet dat pa op ons ferloring sal tége wees ni, en nou moet hy dit

weet, dat ons ni kan saam trou ni, mag ek hom dus nog eenmaal siin om hom dit te fertel?"

Sy het dit nodig geag om hom dit te fra, want sy was seker dat hy freselik boos sou wees as hy dit agterkom dat hulle weer by makaar was. Hy sit 'n hele ruk stil en sê toen op 'n lage toon:—

"Jy fra byna te feul, mar ek sal dit toestaan onder di duidelike ferstandhouding dat dit di laaste maal is dat jy hom siin, oek sal ek gen korrespondensiis, hoegenaamd tussen julle toelaat ni, en jy moet fan hom nooit weer met my praat ni. Onder di foorwaarde kan jy hom siin, anders ni."

Sonder te praat fal sy om syn nek en oek self syn harde mannelike gemoed werd week toen hy haar warme, edele, onskuldigetrane op syn wange foel fal.

Arm Anni, hoe wynig wis sy toen dat dit di laaste maal was dat sy fer feule lange jare fan di kinderlike reg sal mag gebruik maak. Sy wou weer begin praat, mar hy sê haar op gebidende toon dat sy moet uitgaan, dat hy fer di ogenblik niks meer wou hoor ni. Di ware rede was dat hy niks meer kon hoor ni, want hy was self twyfelmoedig geworde.

Di follende morre was Anni haar eerste werk om fer Dani 'n brifi te skrywe, dat hy haar di aand by di hotel moet kom afhaal. Want sy wou di aand fer di laatste maal by Betti Smit gaan deurbring.

Dani was dan oek op di bepaalde tyd daar. Op pad na Betti haar huis was Anni baing stil. Dani siin dat daar iits was wat fer haar hinder, mar hy was huiwerig om te fra, want hy weet dat Anni altyd moed genoeg had om met 'n ding uit te kom. By Betti was sy oek mar stil en swaar-moedig, en kort foor sy sou weggaan maak sy 'n draai dat sy en Betti alleen in di kamer kom. Wat di twé daar gepraat het sal ons ni medeel ni, dis te treurig. Sy het Betti daar feul fertel. Betti het haar moed in gepraat. Mar fer Dani was dit byna onuithouwelik, toen hulle uit di kamer kom en hy siin dat hulle altwé gehuil het. Pas was hulle twé dan oek weer op weg na di hotel of hy fra haar na di rede fan haar droef-hyd—want hy kon dit langer ni meer uithou ni. Sy bly 'n hele rukki stil, en begin toen. Sy fertel hom alles bedaard en omslagtig. Daar staan di twé jeugdige harte nou onder di blote nagtelike hemel. Andermaal was daar 'n storm in antog; hulle toekoms was feul donkerder as di nag waarin hulle nou is. Mar tog was daar nog een ligstêr: Di stêr fan hoop. Daar staan hulle nou; daar sweer hulle nou nogmaals en fer goed trou an makaar. En toen hy haar di laatste trouwe minnaarskus op di lippe druk en hulle fer hulle fan makaar losskeur—iits wat fer hulle byna onmolik was, daar dit heel waar-skylnlyk was dat hulle makaar nooit weer sal siin ni—toen was dit of hulle harte breek, en tog foel



altwe ferligting, daar hulle weet dat hulle altwe makkaar getrou sal bly tot in di graf.

Skaars was Anni dan oek in haar kamer of daar word an haar deurgelopen, en toen sy sê "kom binne" kom haar pa in. Hy gaan foor haar sit en fra kort en beslis tot watter besluit sy gekom het. Haar antwoord was dat sy gen ander besluit het as di wat sy hom gistraand megedeel het ni.

"Nou goed," seg hy op barse toon, terwyl hy opstaan, "myn besluit is oek geneem. Sorg dat jy morre middag klaar is om huiſtoe te fer-trek. O'er di halstarrighyd fan jou sal jy nog baing dage spyt hê, mar dit is te laat."

Sy wou nog praat, mar hy sê dat hy niks wou hoor ni, en hy stap uit. Sy sê nog "Goeie nag, pa," en dit kan wees dat hy daarop 'n antwoord gegê het, mar sy het niks kon hoor ni.

Sy perbeer om te slaap, mar in plaas fan slaap moes sy di nag onderfinde wat Dawid sê: "Myne tranen zyn my tot spys dag en nacht" en, "de slaap week van myne oogen." Gelukkig dat sy oek geweet het waar, hoe en by wi troos te soek en oek te kry is.

Di follende middag toen di "cab" foor di deur kom, was Anni dan oek klaar, want sy was altyd op di bepaalde tyd klaar.

Di "cab" bring haar en haar pa by di tryn. Nog eenmaal kyk sy uit op di dorp waarin haar eenigste, haar difrbaarste op aarde was, en di tryn stoom in folle faart Suidwaarts na di Koloni. Brown was ni by hulle ni, en sy had wel groot lus om fer haar pa te fra waar hy was, en hoe kom hy ni saam gaan ni, mar sy was bang, en so sit sy stil an di sy fan haar pa.

## Di Venters Famili.

**L**IWE jeugdtige lesers van *Ons Klyntji*.—Ou Dokter Booi Jaftha fan di Frystaat, wil ni feul fer julle skrywe, o'er di deugde en hoedanighyd fan ons Klyntji ni. Want julle weet self dat dit nadelig werk op di karakter fan 'n kind om hom te feul te prys. Mar dit kan ou Dokter daarom fer julle sê, waardeer tog di foor-reg deur julle ondersteuning an di Klyntji. Want dit gebeur ni in ons da'e dikwils dat jy 'n kind siin wat di gewoontes en sede fan ons foorgeslag waardeer ni. Hiir by ons op Bloemfontyn is oek so 'n Klyntji gebore, onder di naam fan *De Burger*. Di twe kinders behoort ons nou te ondersteun en op te help, ens. Nou het di lesers fan di kindji, *De Burger*, fer Ou Dokter gefra om tog met di lesers fan *Ons Klyntji* kennis te maak, net om hy so feul nog fan di oue da'e kan fertel. Nou fooraf wil ek julle sê dat 'n kind altyd di gewoonte het om 'n ander kind byname te gé. Kyk, kinders,

dit moet julle nian *Ons Klyntji* en *Di Burger* doen ni; dit lyk lelik fer 'n kind.

Ek weet ni of julle dit nou weet, dat di dri stamme Venters di byname gekry het fan (1) di Riim-Venters, (2) di Kalbas-Venters, en (3) di Muishond-Venters. Kyk nou, kinders, dit klink waarlik tog ni mooi fer 'n mens ni. Jammer dat di ruimte in *Ons Klyntji* so beperk is, dat ou Dokter ni alles breedfoerig fer julle kan fertel hoe di Venters kinders an di name kom ni. Mar dit kom so as julle self weet, dat ons ou mense ni met di Engelse kon klaar kom ni.

So trek di broer fan myn mama, Jan Venter, uit di boland (daar waar di Paarl nou is), en gaan woon na an di Vaalrivier, waar nou di dorp Bos-hof is. Net na an di haak-en-steek dorens, en kameel-bome, so as Oom Jan altyd gesê het dat as Engelse daar kom, hy hulle flys fan di haak-en-steek sal laat skeur, en di béne wil hy an di kameel-boom hang. Nou kan julle wel denk, dat Oom Jan ni al te gerus kon woon in di woeste wêreld, waar di groot slange, leeus en tiirs so by troppe loop. Gelukkig het di ou staatkamer jong (ou Swartbooi) saam getrek uit di boland. Dan het Oom Jan nog syn 3 flinke seuns: Gert, Martiins, en Jan.

Tant Sarie had net een dogter, klyn Sarie, n liwe mysi, met blou o'e, wat al di jonkmans fan di da'e bemin. Ongelukkig had sy met 'n dure eed haar voorgeneem om nooit te trou ni, ens.

Eendag sê tant Sarie an Jan, hy moet tog di riim fat om fer haar 'n bitji dik hout anderkant di haak-en-steek in di kameel-bome te haal, om di goed te stryk. Jan het al in di bosse 'n paar maal geskrik fer di takke wat so krap an di felbroek. Nou gaan di riim los, wat om syn lyf gebinde was en sleep agter hom. Net soos hy omkyk en dit siin dog hy dis di groot slang wat hom al 'n paar maal geja het. Nou loop di voetpad oek so met kinkels deur di bosse, dat hy denk reguit is gou'er by di huis.

Kinders, di ruimte laat ni toe om di hardloop te beskrywe fer julle. Dis genoeg om julle te fer-seker, dat ret di hemdsboortjiis an di arms was; stukke fan di hemd en felbroek hang an di haak-en-steek bosse.

Fandaar di naam fan "Riim-Venters."

Martiins was skaapwagter, mar moes party da e reg dors ly, deur dat ons di da'e ni water kantine had ni. Gelukkig kom oom Tjaart v. d. Walt uit di boland fer tant Sarie kui'er en bring fer Martiins een fan di Nekkalbasse persent. Gou-gou was 'n riim om di nek en fol water agter di rug fan Martiins. Ja foor son-op jaag hy di skape uit en feld toe, nou met di kalbas water. Kort kort word 'n bitji gedrink, so dat di kalbas om 3 uur al leeg was. Nou begin di wind oek 'n bitji te waai. Ja di skape hartloop oek net na di groen gras onder di kameel-bome. "Ja, di leeu bly oek



daar." So denk Martiins en neem 'n draffi, met eens dreun di wind in di kalbas agter di rug, wat hy nou ni gewënd is ni. "O".....seg hy, "di leu!"...en kiis di hasepad na di huis toe. Nou kan di kinders self begryp, hoe harder hy loop, hoe harder di wind in di kalbas dreun. Toen hy by di huis kom, het hy nog net di agterklappe fan di outyse felskoene an, wat Gert gister fer hom gemaak het, ens.

Fandaar di naam fan "Kalbas Venters."

Omtrent di tyd is dit nou dat oom Jan di teen-spoed kry, dat di ou trouwe Swartbooi o'erlede is an di koers, wat di da'e net baing gepla het. Nou moes Gert net self di beeste oppas, om in di kraal te kom, anders sal di leu dit net gou minder maak. Oek net di eerste dag het Gert goed nat gereen; dro'e klere is net skaars, so dat elke kind net di een pak klere het. Nou moes Gert hom gaan droog maak by di fuur, daar in di buite klynhuise, wat net 'n kaggel het fer di kinders om by te sit in di winter.

Net soos di fuur nou mooi brand, kom di bont muishond in di deur, wat Gert ni toe gemaak het ni. En di ding lyk fer Gert by di fuurlig nes 'n tiir. Wel, nog 'n deur of fenster was ni in di huise ni. En nou by di deur uit te gaan sou net in di tande fan di tiir wees. Nou het di muishond o'ek mar net di hare so effentjiis gerys, toen Gert sommar by di skoorsteen uitklim.

Nou kan di kinders begryp, Gert was net nat, en nou fol skoorsteenroet, dat hy 'n bitji na ou Swartbooi gelyk het. Dan het Martiins al 'n paar maal an oom Jan fertel, dat dit ni pluus is met ou Swartbooi ni. Onder di gesels kom Gert di deur in; mar kon niks praat ni fan skrik fer di tiir.

Tant Sarie skrik so groot, dat sy sommar sê: "Naant, outa Swartbooi! Het jy fer noi ketelkook-hout gebreng?"—En sommar alby di agterdeur uit, nou het di huis o'ek ni weer fer hulle gesi in ni foor Gert di ander dag morre fer hom skoon gewas het en fer hulle op gesoek het. Ens.

Fandaar di naam fan "Muishond Venters."

Nou, kinders, wil julle seker weet wat van klyn Sarie geworde het. Kyk, klyn Tjaart was net in di huis om fer di twintigste maal fer haar te fra'om met hom te trou mar beslis het sy nog altyd geantwoord, dat sy ni haar dure eed sal breek ni. Mar nou met di spulletjiis fan Gert spring Tjaart in di ou groot kas fan tant Sarie, en trap nou nog bo'enop di skottelgoed stukkend. Klyn Sarie spring oek in di kas en skré altyd: "Tjaart! help my tog fer ou Swartbooi, dan sal ek met jou trou!"—An di belofte het sy oek trou foldoen. Ens.

Nou, kinders, reg jammer di tyd is kort en beperk. Dog leer nou uit di Venters geskiedenis 3 lesse:—(1) om nooit so astrant te wees om 'n Engelsman an 'n kameel boom te wil ophang ni. (2) Om gen kind byname te gé, net om dit fan

geslagte tot geslagte gaan. (3) Om ni onbedag foornemens onder dure éde te doen ni, feral wat trou angaan ni.

As myn skrywe in di smaak fal, sal ek fer julle later weer skrywe.

Groete van ou Dokter Booi Jaftha, O.V.S.

## 'n Kid na di Kerk.

"PA SYN SEUN" skrywe, dat dit nog baing droog en di fé ma'er is. Daar is onlangs kerk gehou, di wat kan het daarnatoe gery, andere het geloop, mar di skrywer en syn maters wou ni loop ni, en het 10 honde foor 'n droge beesfel (wat as rytuig moes diin) gespan. Net toen kom daar 'n man te perd wat oek kerk toe ry, hy het toen met 'n stuk flys an 'n tou fooruit gery en di honde agterna met di fel fol mense. By di kerk werd di honde fas gebinde. Hoewel dit 'n flukse kwartier te perd is, het hulle di afstand in 12 minute afgeleg; di perd was 'n bitji ma'er en kon amper ni foor bly ni. Toen di diins afgeloop was, word di honde weer agter makkaar gespan en 'n man teperd met 'n stuk flys fooruit. Dit was ni fer ni toen di toutji breek en di honde makkaar ferdring en bakly o'er di stuk flys; yndelik het een hond dit baas geraak. Dit was 'n hele konsternasi, alles was in dis-orde en daar was 'n lawaai fan di ander wereld. Di honde was fan ferskillende base en dus ni alte freedsaam gestemd teeno'er makkaar ni.

Dit moet ferstaan worde dat daar di morre 'n soort fan Sindikaat geformd is fer di rytoer, fandaar di ferskillende honde met hulle base, o. a. 'n paar brakke, 'n paar windhonde, ens. In di geharwar het di man teperd gou terug gery en 'n ander stuk flys gehaal met 'n sterker tou of lyn. Wel, di honde word weer agter makkaar gespan met Knuppel fan oom Piet hotfoor. Toen alles in orde en di rysigers in di fel was, het di man teperd met di stuk flys fooruit laat hardloop en di 10 honde agterna met di beesfel fol mense, dit was ene stof en damp en 'n gelag dat jou hoor en siin fermoei. An praat was ni te denk ni, want idereen moes mar oppas om ni fan di fel af te gly ni, feral waar di grond klipperig is, dog di honde hardloop dat dit so kraak, want ider wil di eerste by di stuk flys wees. Eindelijk was hulle weer tuis. Dog deur di oponthoud het di terugreis, inplaa fan 12,—40 minute geduur. (Of hulle oek nou stigting sou hegad hé, as dit waar is. —D. D.)

Di Afrikaanse Almanak ver 1897 bevat di name van Kerkeraads lede van gemeentes in di Koloni, met getal van lede, sile, gedoop, angeneem, ens.—Prys 1s. Kontant.





## DI PAARLSE DRUKKERY,

WAAR "ONS KLYNTJI" GEDRUK WORD.

### n Nag op di Slagveld.

**D**IT was 'n bittere koue aand, di wind huil ; di héle dag had dit gekapok, en ider wat mar kon had 'n huis opgesoek, op di straat was nimand te finde n̄.

In di "Royal Hotel" te M. sit 'n sewetal gaste by di fuur in di foorkamer ; met welgefalle word di dampende glase in di hand geneem en leeggedrink.

Di gesprek was algemeen. Di meeste gaste was oue bekende, en ons het in Afrika nog ni 'n lange introduksi nodig om bekend te worde ni. Dit was buite oek so koud, dat nimand an uitgaan denk ni.

Nadat politiek en markpryse afgehandel was, begin di gesprek o'er di weer. Elkeen het 'n stori te fertel fan koue nagte in di feld deurgebrenge. Di een nog wonderliker as di ander.

Een fan di gaste had nog mar wynig gepraat. Dit was 'n freemdeling omtrent fyftig jaar. Di paar woorde wat hy geseg het toon an dat hy ni 'n

Engelsman of Afrikaner was ni, hy praat wel Engels, mar met 'n freemde tongfal. Hoewel hy groot en sterk was loop hy ni sonder enige moeite ni ; syn linkerbeen was 'n bitji styf en syn regter arm gebruik hy oek ni gemaklik ni. Hy het seker fer hom froe'er beseer.

Toen almal hulle storiis uitfertel het is daar 'n o'enblikki stilte, wat afgebreek word deur dat een fan di gaste di woërd tot di freemdeling sé :

"U het seker nog ni fan di Afrikaanse koue feel gefoel ni."

"Né," seg di freemdeling, "fan di koue in Afrika n̄, mar ek het één nag in di koue deurgebrenge, wat ek, al leef ek oek honderde jare, ni sal fergeet ni. Dat ek nog leef is 'n mirakel."

Di freemdeling wrijf toen met di hand o'er syn foorhoof, di andere gaste blyf hom ansiin sonder te praat.

"Nou," seg di freemde, "as dit fer di hère ni sal ferfeel ni, sal ek dit eens fertel."

Almal skuiwe nader bij di fuur, neem 'n slukki uit di glas en di freemdeling begin.

"Ek is 'n Fransman fan geboorte, en ek is nog ni lank hiir ni ; o'eral o'er di wêreld het ek rond-



geswerf en feel uitgestaan; mar di nag was ek amper dood.

“Dit was di nag fan di twède Desember, 1870. Soos wel bekend is, het in di jaar 1870 di grote oorlog tussen Frankryk en Duitsland uitgebreek, en ek, sowel as di meeste mans, moes uittrek om di fyande teen te gaan.

“Di oorlog was fer ons seer ongelukkig. Di Franse leger werd o'eral ferslaan, en di grootste gedeelte fan di Franse leger was al in di hande fan di Duitsers. Fan ingé was by ons egter nog ni sprake ni. Hoewel ons amper ni meer hoop had ni, het ons gefeg tot di uiterste.

Deur di slegte bestuur, wat ons ongeluk was, het ons, hoewel in ons yge land, an alles gebrek gehad; onse klére feral was teen di koue ni bestemd ni.

“Ek was toen by di 51ste resiment, en had al baing gefegtes meegemaak; hoewel ek nog ni in 'n grote feldslag was ni. Di 2de Desember raak ons slaags met di Duitsers, wat onder di befel fan di Groot Hertog fan Mecklenburg gestaan het. Ek het met myn resiment gestaan by di eerste huise fan Loigny, an di rifiir di Loire. Ek was toen onderoffisiir. Di gefeg het di hele dag geduur. Toen di son wou ondergaan kry ons befel om terug te trek, daar di Duitsers ons te sterk was.

“By Loigny is 'n bos, en ons het haas gemaak om daar in te kom. Toen ons by di bos kom, word ons met 'n freselike kanongebulder begroet en ons merk toen, dat di bos al deur di fyand beset is. Ons Generaal gé toen befel om an te fal, en ons storm met di gefelde bajonet di bos toe. Di fuur fan di fyand was egter te kwaai. Ons trek terug; eers stadig; toen gouer, ten laaste so snel as ons mar kon sonder ygentlik te flug. Nou en dan blyf ons staan. Di fyand het oek opgehou om ons te ferfolg; mar ons kon siin dat hulle plan maak om in 'n grote getal op te trek.

“Toen ons weer stil hou begin di skitery, en in eens foel ek 'n freselike steek in myn dy, en net daarop in myn arm. Fer 'n o'eblik het ek ni geweet wat dit was ni, mar bliksemsnel begrypek dat ek gekwes was, en fal op di grond. Di pyn was ni so groot ni, mar 'n soort fan 'n doffe gevoel het sig fan my meester gemaak, en di gedagte dat ek sou sterwe, was fer myn ni verskrikkend ni.

“Ek het myn folle bewushyd nog gehad. Twé fan myn maters het by my wil bly, dog di Duitse soldate kom in 'n geregelde orde nader, en hulle was bang om gefange geneem te worde. Ek seg toen fer hulle, dat hulle mar moes gaan, want dat hulle tog fer my niks kon doen ni. Foor hulle weg gaan, neem hulle nog 'n mantel af fan 'n offesiir, wat digteby leg en al dood was, om my mé toe te maak; en één fat 'n saal fan 'n dooie pèrd en set dit so skuins o'er myn kop, om my wat te beskút en oek om di Duitsers opmerkzaam te

maak. Toen nóg 'n laaste handdruk en ek blyf alleen.

“Di son was net ondergegaan, mar dit was tóg só lig, dat ek kon siin. Ek lig fer my 'n bitji op. Myn been het gebrand as fuur en myn arm was lam, myn frinde het 'n sakdoek styf om di been gebinde om di bloed te stop en dit het 'n bitji gehelp. Ek kyk om my heen, en ek siin niks as dooie en gewondes. Di geroep en di gesteun was ferskrikkelik.

“Ek hoor toen 'n gedruis, wat altyd nader kom. Dit was 'n paar resimente foetfolk en een resiment pèrderuiters, wat uitgestuur was om ons soldate te agterfolg. Di gerug was nes di dreun fan donderweer. Hulle marseer fort sonder hulle an di gekweste te steur. 'n Fréselike angs o'erfal my, dat ek deur di troepe of deur di pèrde sou fertrap worde. Ek lig my 'n bitji op, om te siin en gesiin te worde. Ontrent fyf tré fan my af leg 'n jonge soldaat. Hy het hom oek opgelig, dog 'n Duitse soldaat slaan hom met di kol, fan di geweer di kop in. Toen denk ek dat dit met my gedaan was. 'n Party Duitse soldate begin di geweers by makkaar te maak. Een fat toen oek myn geweer, en toen hy siin dat ek nog leef, het hy 'n sakbotteltji uitgehaal en 'n paar druppels jenever, wat nog in di botteltji was in myn keel gegooi. Hy het oek met my gepraat, mar ek kon hom niks ferstaan ni. Di jenever het my baing ferkwik. Ek had toen al in 24 uur niks ge'eet ni.

“Di Duitsers marseer toen weg en dit word donker. Di wind kom oek op, en di koue word fréselik. Ek siin toen op ferskillende plekke mense rond loop met lanterrens, en ek denk dat dit dokters was. Fan alle kante hoor jy toen roep: “Dokter!”—“Dokter!”—“help! help,” mar ek foel dat ek ni kan roep ni. Ek perbeer wel, mar ek kan ni 'n woord ufbreng ni. Ek foel heeltemaal styf en di koue gaan deur myn murg en been.

“Omtrent 500 tré fan my af was 'n boerehuis, wat deur di Duitsers in di brand gesteek was en waarby di troepe sig warm maak. Ek het toen op di gedagte gekom om daar heen te kruip, mar moes dit gou oppgé. Ek was te swak en myn arm en been was te pynlik. Sodra ek fer my beweeg begin di wonde te bloei. Di flam fan di huis en fan andere huise wat in brand gesteek was laat my di koue nog meer gevoel.

“Omtrent 9 uur in di aand hoor ek hard fluit, amper net soos 'n fluit fan 'n fuurwa'e. Ek denk somar dat dit is om di gewondes te lat weet waar di dokters is. Dit was oek so. Fan alle kante hoor ek weer di geroep fan di gewondes. Ek perbeer weer, mar daar was ni kans om te skré ni! ek was te swak.

“Ek gé toen alle hoop op om ferlos te worde, en maak my klaar fer di dood. Ek het di twé frinde geseg wat hulle an myn ou'ers moes sè en di gedagte an hulle smart doen my fréselik an. Ek



was ni bang om te sterwe ni en nimand had as ons feg my fan lafhyd kan beskuldig ni; dog om so mar te lê dood gaan is 'n ander ding.

“Di koue word altyd erger en het my glad baas geraak. Ek foel dat di end kom.

“Soos ek denk moet ek 'n tyd bewusteloos ge-wees hê. Toen ek bykom foel ek dat dit gekapok het. Ek neem toen 'n bitji kapok om myn lippe te ferkoel. Binne kort was alles met 'n wit kleed o'erdek.

“Omtrent elf uur siin ek twé menselike ge-daantes na my toe kruip. Hulle was twé jonge soldate. Hulle was ni swaar gewond ni en kruip nou an om by di Duitse soldate ferby te kom. Hulle het so half liggende my 'n bitji kapok in di mond geset. Toen kruip hulle ferder. Of hulle fry geraak is weet ek ni, dit was fer my of ek ni lank nadat hulle my verlaat het hoor skiit, dog ek kan ni seker sê ni.

“Toen raak ek and'droom, en di drome was aangenaam. Ek droom, dat ek thuis was, en myn moeder fer my sorg; hoe lank ek in di toestand was weet ek ni.

“Toen ek wakker word was di maan opgekrom. Ek perbeer om my op te lig, mar ek was so styf dat dit beswaarlik gaan. Di pyn was te erg. Ek hoor toen digteby mysteun en siin weer 'n soldaat na my toe kruip. Hy kom so fêr dat hy syn kop op myn skou'er leg. Hy wou praat, mar hy kon ni, en toen sterf hy met syn kop op myn skou'er

“Hoe lank dit so geduur het weet ek ni; ek was weer flou. Toen ek bykom was ek met kapok o'erdek. Ek denk dat di kapok kombêrs myn lêwe gered het.

“Di dag het nog ni gebreek ni, mar di maan gé 'n bitji lig. Ek siin toen twé Duitse soldate ferby gaan. Ek perbeer weer om te roep, mar ferniit.

“Toen di dag breek, omtrent 7 uur, hoor ek weer mense praat. Dit lyk fer my toen Franse te wees, ek steek myn arm op, mar lanksamerhand word di praat sagter.

“Ek gé toen di hoop op. Ek probeer nog om te bidde, mar moet weer flou gewees hê.

“Toen ek weer di o'e opslaan skyn di son in myn gesig; dit was heerlik, en ek foel dat ek by kom. Oek hoor ek praat digte by my. Di mense praat Frans. Ek het nog net krag om myn arm op te steek en binne 'n paar minute het 'n man an myn sy gekniil en gé my wat brandewyn en water te drink.

“Wat daar toen ferder met my gebeur is weet ek ni rëg ni. Ek was half flou en foel dat ek op-getel werd. Ek wou sê dat hulle my mar moes laat lê, want di pyn fan di optel was te erg. Hulle bring fer my toen in 'n feld hospitaal, en ek was gered.”

J. L. C.

## “'n Saak het twe kante,”

OF

SAMESPRAAK TUSSEN JAN ANGE-  
NEEM EN KLAAS AFGESE,

O'ER

SARIE TAKHAAR.

*Jan.*—Myn nooi is Sarie Takhaar,  
Sy is so 'n mooie mens,

*Klaas.*—Dat wi haar ooit gesijn het  
*Fir di eer nooit weer wens.*

*Jan.*—Sy het twe liwe ogiis,  
So fraai en lieflik dat

*Klaas.*—'n Mens dit wel kan ansiin  
*Fir kykers van 'n kat.*

*Jan.*—Haar wenkbroue is pragtig,  
Soos halfmaantjiis so rond.

*Klaas.*—Dis jammer daar's gen hare  
Wat sit bôkant haar mond!!

*Jan.*—Sy het 'n fraaie neusi,  
So fraai as mar kan kom.

*Klaas.*—Ek moet jul sê dis daarom  
'n Bitji baing krom.

*Jan.*—Sy het 'n lief klyn mondji,  
Daar wed ek alles voor.

*Klaas.*—Dit spyt my net van één ding,  
Hy rek van oor tot oor.

*Jan.*—Sy het 'n mooi ry tande,  
Nog witter as ivoor.

*Klaas.*—Dis jammer sy 't di meeste  
Al lank al reeds verloor.

*Jan.*—Haar oortjiis staan soos skulpiis  
Wat op di sé-strand pryk.

*Klaas.*—Dis jammer dat hul effe  
Na 'n wa syn wile lyk.

*Jan.*—En dan twe mooier voetjiis  
Het nimand ooit gesiin.

*Klaas.*—Di lengte is in duime  
Ni minder as veertiin.

*Jan.*—En dan sy 't mooie handjiis,  
Ja wonder skoon en fraai.

*Klaas.*—Dis jammer dat hul skurf is,  
Soos pote van 'n kraal.

*Jan.*—Haar lokkiis is so fraai as  
'n Mens gesiin het ooit.

*Klaas.*—Net één ding is seer spytig,  
Sy kam hul byna nooit.

*Jan.*—O Sarie! Jy is lieflik;  
Jy het myn hartjesteel!



*Klaas.*—Sy sal dit ni an my doen,  
Ek denk van my te veel !


*Jan.*—O Sarie ! Tortelduif !  
Jou liefde trek my aan.

*Klaas.*—Net soos 'n droge uintji  
'n Honger bobbejaan ! !

*Jan.*—O Sarie ! Hoe 'k jou lief het  
Kan woorde ni fertel—!

*Klaas.*—Ek wil dit liifs ni hoor ni.  
Dus—Sarie, faar jy wel !

A V.



**Raaïfels.**

ANTWOORDE OP RAAISELS NOS. 21 TOT 24.


*Laat ingekom van :*

- B. R. Buys, reg Nos. 21 en 22.
- S. C. Coetsee, reg Nos. 21 en 22.
- J. W. Pretorius, reg Nos. 21, 22 en 24.
- Maria Schneider, reg Nos. 21, 23, 24.
- Johanna Schneider, reg Nos. 21, 23, 24.
- A. F. H. Vorster, reg Nos. 21, 22, 23, 24.
- W. Verschuur, reg Nos. 21, 22, 23, 24.
- C. H. Basson, Nos. 21 en 24.
- Esther du Toit, Nos. 21, 22, 23 en 24.

W. J. SNYMAN.

SKAAKPROBLEEM, NO. IV.

DEUR E. A. STUDD.



Stand der stukke: Wit 13 stukke. K. b 1 ;  
D. h 8 ; T. d 1 ; T. c 3 ; B. c 7 ; S. e 3 ; S. g 3 ;  
P. a 2 ; P. g 2 ; P. a 3 ; P. b 5 ; P. e 6 ; P. f 6.

Zwart 5 stukke : K. d 4 ; S. d 3 ; B. d 2 ; P.  
b 6 ; P. b 7.

Wit begin en gé mat in twe sette.

ANTWOORDE OP PROBLEEM NO. II.

SLEUTEL : S.—f 5. Als swart met B di S. neem,  
dan gee wit mat met P.—e 4. Doet swart een  
ander skuif dan gee wit mat met S.—e 3.

Goeie oplossings ontvang van di volgende  
heere :—P. C. Pretorius, Venterstad ; D. J. du  
Plessis, Middelburg ; J. A. du Plessis, B. A., Bur-  
gersdorp ; W. Verschuur, Winburg Road ; L. H.  
Brinkman, Victoria West.

Goeie oplossings van Prob. No. I nog ontvang  
van L. H. Brinkman ; W. Verschuur en Jacs.  
Retief, Pretoria.

W. J. SNYMAN.


Venterstad.

**RIJTUIGEN**

TE KOOP BIJ

**G. MALHERBE & CO.,**

PASTORIE LAAN, PAARL.



Goed droog hout gewaarborgd.

CATALOGUSSEN TE BEKOMEN OP AANVRAAG.



# De Afrikaanse Almanak ver 1897. " 'n Klyntje op Rys', "

IS KANT EN KLAAR.

**D**i prijs is 1s. doch dit is goedkoop in aanmerking nemende di groote hoeveelheid belangrike informasi wat 'n mens krij :-

Lees di vollende opsomming van wat daar in voorkom. 'N Mens vind er in di gewone kalender, met tekste en voornamte gebeurtenisse; Tuin en Bloemtuin kalender; informasi omtrent vroeende geld, mate, gewigte, afstande, ens.; di volledige brand siikwet van 1894, waarvoor 'n mens apart 1s. 6d. moet betaal; brandsiikthe inspekteurs, diptijd, dipdepôts, ens.; di konstitusi van di Kaap Koloni, met informasi omtrent betaling an juriede, getuige ens.; 'n beknopte "Directory" van dorpe en distrikto in Suid Afrika; di gepaseerde parlemente wete in 1896; opgawe uit di begroting, sodat 'n mens kan sien hoe in publike geld; word uitgege di bevolking van Suid Afrika, annual geregistreerde kisers vor elke afdeling, ens.; Burgerlike opzwo; Kerkelike opgawe van di verskillende Hollaise Kerkgenotskappe.

Naamlijs van diakens en ouderlings met opgawe omtrent sile, lede, gedoopte. Ens. Ens! Ens!! Ens!!! En eindelijk het di Almanak Ses prente as volg :-

1. Kaapstad van Leeuastert gesin.
2. Di Grote Kerk in di Kaapstad; di preekstoel daarin; di Lutherse Kerk, 'n deel van Adderley Straat, ens.
3. Port Elizabeth van di lan lingshoof gesin.
4. Oost Londen met 'n deel van Buffels rivier.
5. President Steyn.
6. Di Slagtersnek moentment vollans toekoning deur mnr. Vixeboxe.

Dit alles ver net mar 1s. per pos.

Dis haas onbegrypelijk en tog is dit so.

Orders onder 1 doeyn moet KONTANT wees. Vir een doeyn ge ons 1s. 3d. kommissi af, sodat imand mar 10s. 9d., stuur ver 12 exemplare. *Ons ge 'n Kommissi an Agents wos volg:—Op bestelling van 12 tot 24, 15 per cent Kommissi en op bestellings van 25 en meer 20 per cent. Kommissi wos volg:—*

	Of Kontant	Kommissi af
Op 18 Alm. 2s. 6d.	1s.	£ 15 0
" 25 " 5s.	5 0	0 9 6
" 36 " 7s.	5 0	1 8 0
" 50 " 10s.	12 0	1 18 0
" 75 " 15s.	18 0	2 2 0
" 100 " 20s.	1 5 0	3 15 0
" 125 " 25s.	3 11 0	4 18 6
" 150 " 32s. 6d.	4 17 6	5 2 6

N.B.—Alle orders op KREDIET moet stellig voor 31 Jannewari 1897 met ons vervefen worde. Ons hou ons ni verantwoordelik an bestelde Almanakke weer terug te neem ni. Kontant Orders word in elk geval di eerste uitgevoer.

*D. F. du Toit & Co., Beperkt, Paarl.*

**I**N 'N TREMWA, is 'n hartroerende gedig in AFRIKAANS en sal ferskyn in di Jannewari nommer fan "Genade en Waarheid," 'n Gristelike Maandblad waarvan 'n onbekende intekenaar geskrywe het: "Mien Blad die ik boven al de andere geschriften behalve den Bijbel verkies." Daarin sal ook verfolg worde (D.V.) 'n wonderlike, geheimsinnige, taalbetekende ferhaal fan di grootste en oudste bekende stad. Teken seken in fer 'n jaar (Jan—Dec.) en stuur jou volle adres met 2/6, so gou as kan an "Townshend, Taylor & Smahull, Drukkers, Kaapstad," al en "D. E. Du Toit & Co., Paarl," of anders an di uitgewer.

J. C. GOOSEN,

Banfort West.

## TUIGEN.

**H**ET gederd publiek gelieue kennis te nemen, dat ik nog zooals voorheen bereid ben

Tuigen van eenig soort Leder,

netjes, goed, en tegen billijke prijzen uit te voeren. Eene proefneming zal de waarheid hiervan bevestigen.

M. D. GOBREGTS, Noorder Paarl.

**DE \* VILLIERS \* & \* CO.,**

"Spes Bona Huis,"

PAARL, MODEMAAKSTERS, ENZ.,

DRESSEN EN MANTLES naar de nieuwste Mode Netjes en Earste klas gemaakt.

HOEDJES EN HOEDEN met smaak opgemaakt.

BRUIDS EN ROUW DRESSEN onverbeterlijk.

N. B.—Goed werk gewaarborgd.

Vraag om Monsters en Maat vormen, maar vergeet todi niet "SPES BONA HUIS" bij het adres te plaatsen. Telegrafisch Adres:—"ACORN."